

HOOFSTUK I.

1872—1888.

BEGIN VAN DIE AFRIKAANSE TAALBEWEGING.

IETS VAN 'N OORSIG.

BEPERKTE DOEL VAN HIERDIE WERK.

Meteens wil ek dit duidelik laat verstaan, ek probeer nie om 'n algemene geskiedenis van die taalbeweging te beskrywe nie. Ek sou in daardie geval reg moet laat weervaar aan al diegene wat 'n hoofrol daarin gespeel het en my werk baie omvangryker maak as wat ek my voorgeneem het, ja en 'n lywige boek moet skrywe. Daardie is die plig van die historikus. Na hierdie inleidende hoofstuk wil ek my soveel doenlik bepaal by my eie handelings en dinge waarvan ek self getuie was. Sels met hierdie opgelegde beperking is my taak g'n ligte nie. Ek is verplig om te put uit 'n geheue wat gladnie meer jonk is nie en wat dus, vrees ek, my plek-plek lelik in die steek sal laat.

Maar laat my toe om, ter wille van die verband en samehang en ten einde die gewone leser 'n beter begrip van die dinge wat ek eintlik wil vertel, te laat kry, 'n bietjie uit te wei oor gebeurtenisse en toestande wat tot die Tweede Afrikaanse Taalbeweging aanleiding gegee, altans dié voorafgegaan het.

HEEL BEGIN VAN DIE BEWEGING.

Van die begin van die Eerste Beweging kan ek persoonlik niks getuig nie. Dit het aangevang ongeveer toe ek self aangevang het, dit wil sê, sowat sestig jaar gelede. Ek is gebore aan die uiteinde van 1871, en dit lyk my of die meeste taalgeskiedkundiges geneig is om 1872 vas te stel as die jaar waarin die eerste ernstige beroering ten gunste van Afrikaans plaasgevind het. Weliswaar, soos „Cockney” in Engelse, en Brabants in Nederlandse nuusblaaië vir die aardigheid by wyle geplaas is, so het ook Afrikaans, beskou as streekspraak, enkele kere reeds vanaf die jaar 1860 in koerante voorgekom. Nee, in 1830 al het in die *Zuid Afrikaan* 'n paar stukke in Kaapse Hollands verskyn, al was dit maar die Kaapse Hollands van 'n vernederlandste Fransman. Beweer kan egter nie word dat hierdie spasmodiese opdagings van die volkstaal in 'n koerant die bevordering daarvan ten doel gehad het nie, nog minder dat hulle tot enige beweging gelei het. Daardie stukke strek alleen om te help bewys dat Afrikaans destyds al bestaan het.

Merkwaardig — nie 'n Afrikaner nie, maar 'n gebore Hollander, was die eerste om die bal aan die rol te sit: Arnoldus Pannevis. In 1872 het hierdie taalkundige in die *Zuid Afrikaan*, wat destyds die vernaamste Hollandse koerant in Suid-Afrika was, die oorsetting van die Bybel in Afrikaans bepleit, waarop briefwisseling gevolg het. En dis Pannevis wat die jonge Fanie (ds. S. J.) du Toit — die latere leier van die taalbeweging — tot voorstander van Afrikaans as ons volkstaal bekeer het. (Du Toit is leerling van Pannevis aan die Gymnasium in die Pérel gewees.)

DIE AFRIKAANS VAN MY VOOROUERS.

As ek sien hoe algemeen Afrikaans vandag as 'n selfstandige taal erken word en waar hy al staan, dan kom dit my byna onbegryplik voor dat die ontdekking van sy aanspraak om as taal erken te word, nog maar binne my eie leeftyd gemaak is, en is dit my 'n raaisel waarom g'n poging hoegenaamd tot sy verheffing al voor 1872 aangewend is nie. Die taal wat my grootouers — mense nogal van die „opgevoede” klas, wat geneig was om 'n bietjie hoogsprekend te wees — in die omgang gebruik het, was al eg Afrikaans, byna net so ver van Nederlands verwyder as wat dit vandag is, en ek stel my voor dat hulle dit in daardie vorm (op onbeduidende uitsonderings na) van hul kindsgebeente af gebruik het. Jy het wel by hulle nog teengekom 'n „ik” en 'n „wy” en 'n „sulle” (selfs „haarle”) en 'n „georwe”(!); ook het jy nog taamlik duidelik by hulle die „myn” en „syn” verneem, terwyl die „toen” (voegwoord) en „als” ook nog goed in swang was, soos dit vandag nog by sommige van die waardige ou ingesetenes van die Kaap is; en stellig sou jy nie lig van hul lippe „aangeneemde katkesante” of „oorgegède boedel” gehoor het nie. Maar in hoofsaak was hul spreekwyse presies ons s'n. En onder die minder „opgevoede” klas — die mense wat jou taal sonder enige aanmatiging, d.w.s. in sy ongekunstelde vorm, gebruik — was die verskil tussen toe en nou nog heelwat kleiner. In sommige opsigte het die Afrikaners van twee geslagte gelede 'n nog suiwerder Afrikaans — 'n vorm, bedoel ek, wat die desmalige Nederlands minder na-aap — gebruik as wat selfs sekere geleerde, hoog aangeskrewe taalmanne van teenswoordig geneig is om teenoor moderne Nederlands te doen. Ek herin-

ner my hoe, in my jong dae, met ons ou volksdigter Melt Brink (wat baie Nederlands gelees het) eenslag gespot is omdat hy die woord „soms” gebruik het in die sin van „miskien”, en die woord „straks” in die betekenis van „netnou”. Sommige van ons hedendaagse taalprofessore besig daardie woorde maar te graag so. Onlangs het daar ’n Woordelys met die imprimatur van die S.A. Akademie verskyn met die bekende Afrikaanse „aldeer” weggelaat, maar met „steeds” behoorlik opgeneem, ofskoon „steeds” in die ou dae in ons spreektaal ’n besonder *rara avis* was. So algemeen was „aldeer” in gebruik dat die omsigtige Onse Jan hierdie woord selfs in ’n Nederlandse brief in die *Zuid Afrikaan* laat inglip het. Die mooie, eers so algemene woordjie „iewers” skyn vinnig aan die verdwyn te wees: dis nou byna uitsluitlik „êrens” (of „errens”), en „einste” hoor jy teenswoordig, altans hier in die Kaap, alleen onder die Slamse. Jy kan nooit die „daler”, „dubbeltjie”, „oulap” of „stuiwer” in die Volksraad meer gebruik nie of dit lok vermaaklike glimlaggies uit! Jou kind word op skool geleer om „dog” te vermy — dit moet „dag” wees! En waar die „diener” goed genoeg vir die oumense was, moet dit nou „polisieman” en „konstabel” heet! Die „naaimasien” van my ouma is „naaimasjien” geword (al is die „boesjemandjie” van my oupa nog nie in „boesjemandjie” verander nie). „Juny-” en „Julymaand” is deur „Junie-” en „Juliemaand” vervang. „Indie”, „Italie”, „Albanie” is „Indië”, „Italië”, „Albanië” vandag! En as jy praat van ’n „skewe kyk”, dan is daar taalkundiges wat met jou die spot dryf: dit moet „skewe blik” wees! Onlangs wou ’n taalgeleerde van my weet waarom ek soms „hoekom” vir „waarom” gebruik. Hy wis nie dat „hoekom” al voor my

geboorte in Afrikaans posgevat het nie. So kan nog talle van voorbeelde aangehaal word om te bewys dat, met die spreekwyse van ons toonaangewers tot toets, die kloof tussen Afrikaans — ek bedoel die omgangstaal — en Nederlands, *alias* „Hoog-Hollands”, in die dae van my ouers se ouers ruim so breed was as wat dit vandag is. Dit was vermoedelik al lank voor hul tyd so. Genoeg om daarop te wys dat, op onbeduidende provinsialismes na, dieselfde afwykings van Nederlands wat in Kaapstad aan te tref is, jy ook opmerk onder die Voortrekkerspruite in die verre Lydenburg. „Ek” vir „ik”, „ons” vir „wij”, „hul” vir „hen” en „hun” en „zij”, „is” vir „ben” en „zijt” en „zijn”, „hê” vir „hebben”, „sal” vir „zal”, „gekry” vir „gekregen”, „lewe” vir „leven”, tref jy in alle dele van Suid-Afrika aan; waaruit, meen ek, ’n mens geregtig is om af te lei dat Afrikaans al as taal sy deurslag gekry het voor die Groot Trek plaasgevind het.

Maar genoeg! Ek wou maar terloops wys op die sonderlingheid daarvan dat, aangesien Afrikaans lank voor 1872 opgehou het om slegs streekspraak te wees, hierdie waarheid deur niemand ingesien was nie — teminste nie genoeg om ’n beweging tot erkenning daarvan as taal op tou te sit nie.

GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS.

In 1875 is die Genootskap van Regte Afrikaners in die lewe geroep met die verklaarde doel „om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land”. Sy eerste oogmerk was om aan Afrikaans — in die omgang destyds meestal bekend as „Kaaps-Hollands” — reg te laat weervaar. Op die vergadering waarop die vereniging gestig is, was maar ag persone teenwoordig — nogal baie, aangesien die gesaghebbers

op taalgebied diegene wat so 'n „patois”(!) wou bestendig en vereer, as blote kettters beskou het. Ek mag wel hul name noem : G. J. Malherbe, P. J. Malherbe, D. F. du Toit, (ds.) S. J. du Toit, S. G. du Toit, (dr.) D. F. du Toit, C. P. Hoogenhout en A. Ahrbeck. Die eerste ses is familie van mekaar, en amper almal van dieselfde buurt. Soos die toeval dit wou, was g'n een van die klompie, met uitsondering van August Ahrbeck (wat van Duitse ouers en nou teologiese student op Stellenbosch was) gebore Afrikaner met *Germaanse* naam nie. Onderwyser C. P. Hoogenhout was, soos onderwyser Pannevis, volbloed Hollander en net so geesdriftig as hy vir die saak. Spoedig sou ook 'n ander lewendige Nederlander hom by die baanbrekers aansluit : penman Van der Ryst. Ook in Bloemfontein had jy toe 'n bekende Nederlander wat sterk vir die erkenning van die bestaansreg van Afrikaans gevoel het : dr. J. Brill, wat drie jaar tevore as rektor aan die Grey-College aangestel was. Hierdie geleerde uitlander het inderdaad al vir Afrikaans gepleit voor die stigting van die Genootskap. Vier maande tevore het hy van wetenskaplike skoupunt oor die landstaal 'n rede gelever waaruit ds. S. J. du Toit en mede-taalpropagandiste meermale gretig aangehaal het.

HOLLANDERS KON OORDEEL.

Om in so 'n essensieel Suid-Afrikaanse saak gebore Hollanders aan die voortou te vind, is merkwaardig, maar gladnie onbegryplik nie. Hollanders was beter as Afrikaners in staat om te oordeel of Afrikaans slegs dialek, dan wel taal was, al het dit maar min in hul kraam te pas gekom om die waarheid te erken. Model Nederlands in die oog van die gewone Afrikaner was dié wat hy van die lippe van

sy predikant verneem het, ja en wat hy self gewoon was om in die biduur te gebruik! Weinig het hy geweet dat daardie model al opsigself voldoende was om die Hollander te laat insien hoe weinig die twee tale een was. En in hierdie verband mag ook as veelsprekend daarop gewys word dat dit in *Holland* was dat Afrikaans vir die eerste keer op 'n „hoërskool” as mondig-geworde taal erken is. Jy durf g'n akademiese proefskrif aan jou universiteits-professore aldaar in 'n *dialek* inlewer nie, en W. P. Steenkamp se „Agnosticisme van Herbert Spencer”, van begin tot end in eg Afrikaans opgestel, is deur die Vrye Universiteit van Amsterdam aangeneem (1910).

DIE „PATRIOT” GESTIG.


Maar die „Genootskap van Regte Afrikaners”, mense wie se moed jy moet bewonder, het gemeen dat hulle 'n eie orgaan behoort te hê waarin hulle onbelemmerd hul saak kon bepleit. So het hulle die volgende jaar (14 Januarie 1876) 'n maandblaadje, *Die Afrikaanse Patriot*, daartoe in die lewe geroep. Hulle het dit die eerste jaar laat druk in die Kaap aan die kantore van *De Zuid Afrikaner*, die koerant van Jan Hofmeijr (later Onse Jan). Dié het slegs — ek haal hier aan uit dr. J. D. du Toit se lewensbeskrywing van sy vader — £3 5s. vir die 200 eksemplare gevra. Die blaadje is gereedigeer deur twee bekwame persone: D. F. du Toit (broer van ds. S. J.) en gemelde C. P. Hoogenhout. Maar die siel daarvan — inderdaad ook hoofdeur — was die dominee, al kon hy nie te veel op die voorgrond tree nie omdat hy toe gevestig was as predikant, naamlik aan die Noorder-Pêrel.

OOM „LOKO" EN C. P. HOOGENHOUT.

Ek het ál drie daardie persone geken, laasgenoemde twee veral. D. F. du Toit („Oom Lokomotief") was 'n innemende, nederige man, 'n onvermoeide werker, maar altyd liewerste op die agtergrond. Dieselfde kan gesê word van my vriend Imker Hoogenhout se vader, Casper. Hierdie waardige ou taalheld is dikwels in die dae toe ek *De Goede Hoop* geredigeer het, in my kantoor gewees. Hy het die openingsgedig in daardie tydskrif geplaas en was die opsteller van „Prijnsraadsels". 'n Mens kon nie help om hom lief te kry nie. Ten spyte van sy beskeie geaardheid en die feit dat hy liewers onder skuilname geskrywe het, was hy taamlik algemeen bekend, en só populêr in die Pêrelse distrik dat hy by een geleentheid dringend gevra was om hom as verteenwoordiger van daardie kiesafdeling in die Wetgewende Vergadering verkiesbaar te stel. Hy het die stiller lewe verkies. Ek meen dat hy, met sy menigte interessante gediggies en ander pennevrugte, ruim soveel daartoe bygedra het om Afrikaans te bevorder as enige van sy tydgenote.

EIIENSKAPPE VAN DS. DU TOIT.

En dan S. J. du Toit! Suid-Afrika het min manne voortgebring so skrande as daardie seun van Daljosaphat. Hy was redenaar van die eerste water, 'n man oorspronklik van denkwyse, onverskrokke van gees, veglustig soos weinige, ambisieus, filosofies en poëties aangelê, en vurig nasionaal; egter ook baie eiewys en eersugtig. Aldus, altans, het daardie kort, maer mannetjie, met sy ronde, diepgesette, onpeilbare swart oë; sy groot kop; sy pragtige, breë voorhoof; en sy sagte, welluidende stem,



Ds. S. J. du Toit (1847-1911), hoofstigter van die „Genootskap van Regte Afrikaanders” en van „Die Afrikaanse Patriot”; leier van die Eerste Afr. Taalbeweging; joernalis, romanskrywer, digter.

my getref toe ek met hom in ongeveer 1893 vir die eerste keer in aanraking gekom het. Jare daarna het ek hom van baie nader leer ken, en toe is my opinie van hom in slegs een belangrike opsig gewysig, en dit ten opsigte van die diepte van sy nasionale gevoel. Maar hieromtrent later!

Met drie sulke bekwame manne aan die roer, het die *Patriot* nie aan gehalte gebrek gely nie. Die aantal intekenaars om mee te begin, was egter skaars vyftig. Dit het wel binne 'n halfjaar tot omtrent 350 geklim, maar ek weet nie of selfs hierdie getal as besonder bevredigend beskou kon word nie.

„DE Z. AFRIKAAN” EN „DIE PATRIOT.”

En dit skyn of die blaadjie in die aanvang maar min prakties uitgevoer het. Altans, sy vrugte was nog nie sigbaar nie. Dit lyk ook nie of enige ander Hollandse blad in Suid-Afrika in die nuwe tydgenoot die minste gevaar as mededinger gesien het nie. Jan Hofmeijr, editeur van *De Zuid Afrikaan*, wat met sy konservatiewe geaardheid g'n voorstander van Afrikaans as skryftaal kon wees nie, het die tydskriffie verwelkom omdat dit nie net vir Afrikaans nie, maar ook vir Nederlands gevwer het en opvoedkundig van aard was. Hy en ander volksleiers het blykbaar die idee om Afrikaans as skryftaal erken te kry, as 'n onskadelike kettersideaal beskou en pogings in daardie rigting as heeltemal onbereikbaar gewaan.

„DIE PATRIOT” WORD POLITIEKE ORGAAN.

Die *Patriot* het in die begin byna uitsluitlik taalkwessies behandel. Dit was nie 'n politieke orgaan in die gewone sin van die woord nie — wat waar-

skynlik juis die rede was waarom dit nie vinniger gevorder het nie. Die gewone Afrikaner wil politiek of godsdiens in sy blad hê. Ander dinge is bysaak. Maar die blaadjie het nie nodig gehad om lank op 'n verhoogde status te wag nie. 'n Jaar na sy geboorte is hy in 'n nasionaal-politieke weekblad verander, met 'n eie drukpers, en dit in die Pêrel. Hoeveel invloed hy tot dusver op taalgebied uitgeoefen het, is moeilik om te sê. Die Genootskap het die noodsaaklikheid om die jeug te moet vang, ingesien, maar dit kom my voor of hulle nie genoeg praktiese arbeid daartoe verrig het nie. Weliswaar, heelwat leesstof is tot diens van kinders gelewer, maar dinge soos konserte, openbare redevoerings aan studente en skoolkinders, toneelopvoerings, die instelling van resitasie-kompetisies, en sulke dinge meer, was, soos die Engelsman dit sou uitdruk, „conspicuous by their absence”.

„HET VOLKSBLAD” EN „DIE PATRIOT.”

Dis interessant, as tipes van die destyds heersende gevoel omtrent Afrikaans, om te verneem wat *Het Volksblad*, die tweede Hollandse blad in Kaapstad, op die verskyning van die nuwe weekblad sê. Ek haal aan uit sy uitgawe van 6 Januarie 1877:—
 „*Die Afrikaanse Patriot* is gister in de gedaante van een nieuwsblaadje aan de Paarl verschenen, gedrukt bij de Paarl'sche Drukkersvereeniging'. Het komt ons voor, dat de redactie nogal moeite heeft om Kaapsch-Hollandsch te vinden voor de uitdrukking van zekere denkbeelden. Alsdan is hij verplicht, goed Hollandsch te schrijven, maar Kaapsche uitgangen te bezigen — een nuttelooze arbeid naar ons idee, daar het grammaticale Hollandsch voor ieder even verstaanbaar moet wezen als zulk

Kaapsch Hollandsch. . . . Uit de Paarl zelve is er geen letter nieuws in te vinden. In verband met Paarlsche drukpers-aangelegenheden vernemen wij dat er ernstig aan wordt gedacht om aldaar een behoorlijk nieuwsblad uit te geven, iets dat wij reeds lang aangeraden hebben."

„DIE PATRIOT” WIN GROND DEUR SY NASIONALE
KARAKTER.

Maar die nuwe weekblad, ofskoon dit met sy klein drukpers van geldelike sy in die begin erg opdraand gegaan het, het spoedig as blad grond gewen. Die weerglas van die gewildheid van 'n koerant is sy intekenlys. In Augustus 1878, anderhalf jaar na sy ontstaan, het sy aantal intekenare gestyg tot 950. Maar hoekom? Was dit omdat Afrikaans as leestaal soveel populêrder by die volk geword het? Gladnie. Dit was omdat Shepstone in 1877 die Afrikanervolk se nasionale gevoel met geweld wakker geskud het deur sy anneksasie van Transvaal in naam van koningin Victoria, en die *Patriot*, nie langer bloot taalblad nie, so vurig die Boeresak bepleit het. Taal was by die algemene leser van heeltmal ondergeskikte belang, en daardie blad s'n het eerder gestrek om hom terug te hou as te bevorder. Terwyl die *Zuid Afrikaan*, wat destyds die vernaamste Hollandse blad in Suid-Afrika was, as mondstuk van Jan Hofmeijr, die erkende leier en verantwoordelike woordvoerder van die gros van Afrikaners in Kaapland, besonder diplomaties en versigtig moes optree ten einde sy gesag te kan bly handhaaf en invloed te kan uitoeven, selfs op die Britse Regering, ten gunste van die Republiek, kon die *Patriot* die vrye teuels geniet, sy proteste so hewig maak as hy wou en die gevoel van die ver-

ontwaardigde Afrikanerdom ronduit uitspreek. Die Vryheidsoorlog het geëindig vroeg in 1881. Die aantal intekenare het toe meer as dubbeld dié van 1878 beloop, volgens die verklaring van die digter „Oom Jan” (vermoedelik C. P. Hoogenhout) in sy „Nuwejaarswens” aan daardie blad (,14 Januwari’):

„Twee duisend en nog meer is jou intekenare;
 Jou haters is verstom. Dat kan hul nie verklare,
 Dat jy so ’n opgang maak. Jy is tog in die ,ban’!
 En elke nuwe week bring nuwe lesers an.
 Mog in dit nuwe jaar jou vyande tog leere:
 ,Dat waar die Heere werk, die mens dit nie kan
 kere.’ ”

En J. D. du Toit vertel ons in sy reeds gemelde boek dat teen die end van daardie jaar 3,700 eksemplare verkoop is — ’n uiters bevredigende resultaat vir dié dae, toe ons volk nog so betreklik klein en ongeletterd was. Die *Patriot* was toe ’n mag in die land geword — nie as taalmondstuk nie, maar as politieke orgaan. Die *Volksstem*, die hoofblad van die S.A. Republiek, het dan ook (ek haal weer J. D. du Toit aan) verklaar:—

„Schoon wij de taal verafschuwen waarin de *Patriot* geschreven is . . . kunnen wij toch de oogen niet sluiten voor het feit dat zij een van de krachtigste faktoren is geweest om het volk van Zuid-Afrika een besef te doen krijgen van zijne politieke rechten en verantwoordelijkheden.”

Die blote feit dat g’n ander blad in Suid-Afrika die voorbeeld van die *Patriot* gevolg het wat taal betref nie, strek ook al tot bewys van hoe min hulle die opgang van dié koerant aan sy taalmedium toegereken het. Hulle het Afrikaans (as leestaal) bly beskou as ongewéns, geskik wel vir rympies en

grappies — wat hulle dan ook soms gretig oorge-
neem het — maar vir weinig anders.

DIE DOMINEE OPENLIK EDITEUR.

Ds. Du Toit, van 1875 tot 1881 predikant van die Noorder-Pêrel, is daarna, danksy sy verdediging van die S.A. Republiek gedurende die oorlog, aan die hoof van die Onderwysdepartement van Transvaal geplaas; maar in 1888, sonder enige gestort van tranes van die een of ander kant, het hy teruggekeer na die Pêrel, om daar nou openlik op te tree as redakteur van die *Patriot*. In die tussentyd was die blad, ofskoon hy nog baie daarin geskrywe het, op bekwame wyse deur sy broer D. F. geredigeer.

„DIE PATRIOT” EN DIE KERK.

Dis ongeveer in hierdie jaar (1888) dat ek vir die eerste keer met die *Patriot* kennis gemaak het. 'n Paar eksemplare het onder my oë gekom. Ek was toe sowat sestien. Die populariteit van die koerant, hoe nasionaal ook sy gees, was toe al gestadig op die afdraande pad, en dit in weerwil van die omstandigheid dat dit die erkende orgaan was van daardie steeds groeiende politieke organisasie, die Afrikaner-Bond — die vereniging deur S. J. du Toit self in 1879 gestig met hoofsaaklik dieselfde nasionale oogmerke as gemelde Genootskap. Hoofrede vir die agteruitgang was die blad se half moedswillige tergering van ons predikante. In 1880 al het ds. (later teologiese professor) C. F. J. Muller dit nodig geag om in die Sinode voor te stel 'n resoluksie van afkeuring en veroordeling van die *Patriot* se pogings „om achterdocht teen en minachting voor de leeraren onzer Kerk en hun werk, zoowel als voor kerkelike

inrichtingen, het Theologiese Seminarium en de Normaal School, die door haar zijn tot stand gebragt, bij de gemeenteleden te verwekken. Zij beschouwt die pogingen als teen den Bijbel en de Christelike Leer aandruischende en zoodanig dat die niet anders dan met de noodlottigste gevolgen voor het heil en de welvaart onzer Kerk aangewend kunnen worden." Die voorstel is aangeneem en dit het stellig g'n versagtende uitwerking op die koerant gehad nie. Inteendeel, dit het hom net in sy vyandelike houding versterk; ja, tot bitsigheid laat oorgaan. 'n Mooi bewys hiervan vind ons in die uitgawe van 14 Januarie 1881. Sekere predikante het protes aangeteken teen 'n taalvoorstel deur ds. A. Louw in die Sinode ingedien, en hierop het die *Patriot* 'n gedig geplaas wat hulle een vir een toetaketel in sodanige beledigende bewoording dat seker g'n ander Afrikanerblad dit sou opgeneem het nie. Gedrag van daardie aard word deur die gewone Afrikaner-leser gelaak, en daardeur het noodwendig ook die taal waaraan die koerant hom verbind het, gely.

Al kom dit nie in ds. Muller se gemelde voorstel uit nie, het daar ook 'n ander sterk rede bestaan waarom die Kerk, in die algemeen, teen Du Toit, ja teen die hele Genootskap, gekant sou wees. Hierdie mense was naamlik openlik daarop uit om die Bybel in die Suid-Afrikaanse *lingua vulgaris* oor te sit! Volgens sommige skrywers, was Bybelvertaling inderdaad hoofmotief by die georganiseerde Afrikaanse taalbeweging. Na my persoonlike oordeel, was so 'n voorneming, van propaganda-oogpunt, 'n ernstige taktiese fout; ek wil amper sê 'n noodlottige flater. Volkome waar is, natuurlik, dat, as daar *een* stuk letterkunde is wat behoort te verskyn in die taal wat vir die leser die verstaanbaarste

is, dan is dit die boek wat die fondament van sy godsdienstige geloof vorm. Maar daar is tog soiets as oordeelkunde, soiets as verstandige taktiek? Die Kerk, as die mees konservatiewe element van 'n volk — watter volk ook —, is die allerlaaste wat 'n ou Bybelse taal sou prysgee vir 'n nuwe. Met hierdie feit het die Patriotters te min rekening gehou. Soos dr. P. C. Schoonees dit gestel het: „In hul geesdriftige oormoed, wou hulle die mees konservatiewe bolwerk van die Afrikaanse beskawing stormloop, en die Kerk het sy poorte met veragting teen die ‚heilskenners‘ gegrendel.” Oor die aard van die gevoel deur die plan verwek, kan ek self ook 'n bietjie getuig, want die verontwaardiging het lange jare voortgeduur. „Begrÿp jou,” het ek meer as een kerkman ergerlik hoor sê, „om ‚de geest des Heeren sweefde op de wateren‘ te verander tot ‚die gees van die Heer *broei* op die water‘!” Hierdie voorbeeld is dikwels, ook nog in die begin van hierdie eeu, aangehaal as rede waarom Afrikaans nie as taal erken behoort te word nie. Ek meen dat Du Toit hulle die taal 'n baie groter diens sou bewys het as hulle ten opsigte van Bybelvertaling 'n presies teenoorgestelde gedragslyn ingeslaan het: as hulle uit die staanspoor en by elke geleentheid verklaar het dat oorsetting *nie* iets is waarna hulle strewe nie; dat hulle die gees van die Kerk om aan oue vorme, selfs wat taal betref, vas te kleef, eerbiedig, en dat hulle erken dat die vraag van Bybelvertaling alleen 'n saak is vir die Sinode, 'n hoog intellektuele liggaam wat goed genoeg weet hoe om te handel. Die aantal predikante in die Kaapland wat met Du Toit in die ou dae meegegaan het, sou jy maklik op die vingers van jou een hand kon getel het.

„DIE PATRIOT” EN ONDERWYSERS.

In nog minder mate as predikante, het skoolmeesters die *Patriot* ondersteun. Hulle wat onderwys moes gee in „Hoog-Hollands” en die Afrikaanse taal eerder moes af- as aanleer om verwarring te voorkom, het so ’n koerant liewers vermy. Hulle het dan verkies om in te teken op die *Zuid Afrikaan*.

HOUDING VAN „Z. AFRIKAAN” EN „VOLKSBODE.”

Watter geskille daar ook tussen ds. Du Toit en vooraanstaande kerkmanne gewees het en hoe skeef ook konservatiewe taalhere sy propaganda vir Afrikaans aangekyk het, die *Zuid Afrikaan* of *Ons Land* het nooit, sover as ek kon nagaan, vir die *Patriot*, hetsy op politieke of taalgebied, ’n spaak in die wiel gesit nie — tot 1896. Jan Hofmeijr het ook persoonlik, tot daardie jaar toe, onafgebroke op vriendskaplike voet met neef Fanie gebly, hoewel dit in hierdie geval maar die vriendskap van die *politikus*, nie van die *maat* was nie.

Maar — vermoedelik juis oor die sagte behandeling wat „die gevaarlike man” van die groot volksleier ontvang het — is in 1887 ’n verwoede teenstander vir die *Patriot* in die lewe geroep: *De Volksbode*, ’n nuusblad gedruk en uitgegee in die Kaap onder die gesamentlike redaksie van ’n drietal prominente Ned. Gereformeerde leraars: prof. J. I. Marais (van die Kweekskool), ds. C. F. J. Muller (Nuwe Kerk) en ds. B. P. Marchand (Rondebosch). Hulle had dit nie soseer teen die taalman nie as teen die Evangelie-uitleër. Dis dan ook vernaamlik aan die optree van die *Volksbode* toe te skrywe dat die dominee se herhaalde pogings om Parlements lid te word, almal verydel is.

HOOFSTUK II.

1888—1894.

STADIGE VORDERING.

IN MY JONG JARE.

REDES VIR NEDERLANDS.

Die eerste indruk wat die *Patriot* op my as seun gemaak het, was aangenaam. Miskien was dit ook, hoewel ek hiervan onbewus was, inspirerend. Hoe ook ander mag gespot het met „Patriots,” ek het gevoel dat ek hier te doen het met 'n maklik te verstane, gesellige huisvrind. Van daardie koerant het ek egter maar min te sien gekry. Eenkant ook maar goed so; want die soort Hollands wat ek op skool moes leer en aan gewoond moes raak — die soort waarin ek my briewe sou moet opstel; waarin ek onderwys sou moet gee as ek skoolmeester wou word; waarin ek die regbank sou moet toespreek as ek in die Transvaal of die Vrystaat eendag as advokaat wou gaan praktiseer; waarin ek sou moet preek as ek die kansel wou betree, of waarvan ek my sou moet bedien as ek die huisgodsdienis wou waarneem; die soort waarin ek die Opperwese, selfs in my stilste gebed, sou moet toespreek as ek nie heilskennis wou pleeg nie; waarin ek tuis moes wees as ek staatsamptenaar wou word; waarin ek my toesprake sou moet lewer, hetsy by openbare of partikuliere geleenthede, was, orals waar dit nie Engels

was nie, „Hoog-Hollands”, nie „Kaaps-Hollands” nie. Dit was dan ook „Hoog-Hollands” wat jy bedoel het wanneer jy van „ons taal” gepraat het. Afrikaans was Nederlands se „Cockney” in Suid-Afrika. En hierdie kombuisding het my onderwysers almal verfoei.

Nee, darem nie *almal* nie. Een uitsondering, 'n baie merkwaardige, het ek gedurende my lange skool- en kollegelewe aangetref. Van hom netnou!

MY ONDERWYSERESSE.

Voor my tiende jaar het ek beurtelings onder drie onderwyseresse gebuk gegaan. Ene, 'n goeie ou Engelse dame, wat g'n Afrikaans geken het nie; die ander twee, dogters van boere, woonagtig in die Kaap. Een van hulle was 'n mej. Chrissie de Villiers, wat 'n jaar later sou trou met haar stiefbroer, Jan Roos, en moeder sou word van ons teenswoordige appèlregter Roos. So eg slaafs was hierdie dame aan die gees van die tyd verbind dat sy haar eerste babetjie „Sydney” wou laat doop, in plaas van „Tielman”, soos haar skoonvader geheet het. „Sydney?” vra haar man, „en waarom mag die kind nie sit nie?” Sy het toe maar afgesien van die idee, en die kleintjie het sy regte naam gekry. Maar dit het haar nie belet om hom soveel moontlik in Engels op te bring nie, en niemand sou gedroom het dat op die bodem van daardie vrouehart daar tog 'n kragtige nasionale gees skuil nie, al moes dit eers 'n twintig jaar later openbaar word. Die ander van my eerste twee Afrikaner-onderwyseresse was 'n jong tante van gemelde Tielman. Van haar lippe het ek maar selde 'n Afrikaanse woordjie gehoor, en dit met erg Engelse aksent. Haar huistaal is dan vandag ook nog pure Engels.

'N PRO-AFRIKAANS-ONDERWYSER.

Die inrigting waaraan ek van my tiende jaar af onderwys ontvang het, was die Normaalkollegeskool, 'n instituut in Roelandstraat, Kaapstad, deur die Nederduits-Gereformeerde Kerk gestig en toe nog onder hul toesig. In my jong dae was dit die grootste en vernaamste skool in Suid-Afrika. Al die onderwysers en onderwyseresse, van die prinsipaal af tot by die „infants' teacher", was uitlanders, amper almal roue Skotte. Ook in die onderrig van Nederlands as vak, waarvoor slegs 'n halfuur per week afgestaan was, moes 'n uitlander — in hierdie geval 'n Hollander — gebruik word, en dan was die les gewoonlik 'n klugspelletjie. By een geleentheid het die rektor, J. R. Whitton, wat ook 'n Skot was, self die klas waargeneem, en toe moes ons verneem dat „hij" *haai* was, en „zij" *zaai*! Die enigste uitsondering op die reël — en dié het ook maar eers verskyn teen die end van my skoollewe — was seker jonge Willem J. Viljoen, 'n ambisieuse, veelbelowende seun van Richmond (K.P.), wat toe student sowel as onderwyser was. Hy was in die Kaap om vir sy B.A.-graad te studeer en het tewens die voorbereiding van die Skoolhoër-klas aan die Normaal-skool in Hollands waargeneem.

'n Treffende verskil in twee opsigte was daar tussen hom en die twee Hollands-doserende onderwysers wat ek tevore gehad het: hy het naamlik die kuns verstaan om geesdrif by die leerlinge vir die Nederlandse vak op te wek; en, hoewel hyself Nederlands besonder goed, dit wil sê grammatikaal, kon praat en ons deurmiddel daarvan onderrig het, het hy darem ook 'n goeie woordjie vir Afrikaans gehad, — iets wat destyds selfs by 'n Afrikaner-onderwyser baie buitengewoon was — en entoesiasme by my

daarvoor ingeboesem. Wat meer is, hy het die moed besit van sy oortuiging. Toe die jaarlikse skoolkonsert — ek meen dit was in 1889 — sou plaasvind, wou hy my twee kort resitasies in Afrikaans — die enigste Hollandse nommer op die program — laat voordra, in weerwil van die versoek van rektor Whitton om te sorg net vir 'n enkele resitasie en dit in Nederlands. Die twee pedagoge, baas en kneg, het toe vlak in my teenwoordigheid ernstig gehaak daaroor, die een so verontwaardig as die ander; maar kneg het sy man gestaan en sy sin gekry. Hierdie voorval het die hoë bewondering wat ek alreeds vir die onderwyser-student gekoester het, nog heelwat laat styg. Ongelukkig, soos twaalf jaar later maar te duidelik sou blyk, was dit meer die voortvarendheid van die jong bloed as nasionale beginselvastheid wat vir daardie gedrag verantwoordelik was.

MY TOESPRAKE IN AFRIKAANS.

Ongeveer in 1890, onderwyl ek student aan die Normaalkollege was — in die kollegedeel is die studente voorberei vir die Middelklasonderwysers- sowel as die Matrikulasie-eksamen —, het ek aangesluit by die debatsvereniging wat daaraan verbind was, en gevind dat al die studente, waar hulle nie hul toesprake in Engels afsteek nie, dit in Hoog-Hollands probeer doen het. Hier het my ingebore opstandige gees hom laat geld. Alhoewel ek self maar in die algemeen slaaf van die mode was, het dit my darem as eenmaal te erg voorgekom om onder mede-Afrikaner-studente by voorkeur die taal van Holland te gebruik; so het ek sommer uit die staanspoor uit weggeval in Afrikaans, in sy ongekunstelde vorm, al sou ek my met minder moeite in Hoog-Hollands kon uitgedruk het as die meeste van die ander. 'n

Paar vrinde het my effens skeef aangekyk, 'n paar het smalend geglimlag, een het 'n beledigende aanmerking gemaak, maar ander het dit goedsmoeds geduld, en weldra het ek volgelinge gekry. Die volgende jaar het hulle my sonde genoeg oor die hoof gesien om my tot hul voorsitter te kies. In hoofsaak egter het die taal van die vereniging, waar dit nie Engels was nie, Nederlands gebly.

Ek was daarna, gedurende die halfjaar dat ek aan die S.A. Kollege student was voor ek gaan onderwys gee het, lid van die „Sacs“-debatsvereniging, en het daar g'n enkele woordjie Afrikaans, selfs Hoog-Hollands, gehoor nie. Die gebruik van een van hierdie tale was buiten sprake.

DIE „HOTNOTSTAAL” WORD VERMY.

Met hoeveel minagting die Afrikaners in die Kaap omtrent hierdie tyd ons volkstaal behandel het, het ek taamlik breedvoerig uiteengesit in die „Lewe van D. C. de Waal” (bl. 303-308). Daar die beskrywing alreeds deur *Die Huisgenoot* oorgeneem is, wil ek dit nie hier herhaal nie. Genoeg dat ek sê dat Afrikaans deur die gros van die sogenaamd opgevoede klasse beskou is as 'n uiters armsalige dialek, 'n treurig ontaarde Nederlands, nee, juister uitgedruk, 'n deurmekaar-taalgehaspel sonder enige mooiheid in enige opsig, sonder enige vorm, sonder enige bepaalde reëls, sonder, ja, enige vergoedende eienenskap om dit aan te beveel. Baie het dit „Hotnotstaal” genoem. Dit was 'n ding sonder toekoms, en het g'n toekoms verdien nie! En die invloed wat die *Patriot* in hierdie stad ten goede — of ten kwade — uitgeoefen het, was soveel as niks. Die blad is bykans deur niemand hier gelees nie.

'N TE MIN GEWAARDEERDE TAALWERK.

Dis juis in daardie tyd (1890) dat ds. S.—J. du Toit te voorskyn gekom het met sy voortreflike boekwerk: „Afrikaans as Volkstaal.” Hierin het hy met sy „71 Theses of Stellinge” op die manier soos alleen ’n persoon met sy helder kop dit kon doen, aangetoon dat Afrikaans allessins ons taal is, vir alle nuttige taaldoeleindes deug en daarvoor ingespan behoort te word. Maar hoeveel Afrikaners het probeer om die boek in hande te kry? Hoeveel het dit gelees? Hoeveel van diegene wat dit gelees het, het dit beskou as iets meer as akademies interessant? Ek persoonlik het toe nog niks daarvan geweet nie en niemand daaroor hoor praat nie. In die Kaap het dit nie die minste effek gehad nie. Of dit enige uitwerking elders gehad het, weet ek nie.

MELT BRINK EN WILLIE MASKEW.

As daar een mens in daardie tyd die Afrikanerpubliek laat voel het dat Afrikaans ’n aparte taal was, dan was dit Melt J. Brink, met sy geestige toneelspelletjies en resitasies. G’n Afrikaanse stukke is so dikwels voorgedra in konserte en by ander geleenthede as syne nie. Maar moenie dink dat oom Melt met sy pennevrugte daarop uit was om Afrikaans te bevorder nie! Ons Kaapse „Vader Cats”, ofskoon nasionalis in murg en been, het Afrikaans bloot as dialek beskou — goed genoeg vir grappe, maar nie goed genoeg vir verheffing tot plaasvervanger van Nederlands nie. Hy was uitdruklik daarteen dat die status van Afrikaans verhoog word, dus regstreeks gekant teen die verklaarde strewe van die *Patriot*. Ook advokaat Willie Maskew, wat by geleentheid van gesellige partytjies en



ADV. W. H. MASKEW (1862-1903), 'n vertaler en skrywer
van baie gediggies in die ou dae.

op 'n paar konserte sy gehoor trakteer het met komiese Afrikaanse resitasies wat hy self opgestel en waarvan hy sommige in die koerant geplaas het, wou daardeur allesbehalwe vir die verhoging van die taal ywer. Sy huistaal was dan ook Engels.

G'N BESIGHEIDSBRIEWE IN AFRIKAANS NIE.

Ook op die platteland kon die invloed van die *Patriot* ten gunste van die skriftelike gebruik van Afrikaans maar baie gering gewees het. In 1893 en 1894 was ek (vir agtien maande) klerk by die Kaapstadse firma „De Waal & Co.” — 'n groot ysterhandelaarsbesigheid waarmee byna uitsluitlik buite-winkels en boere gehandel het; ek was toe in die geleentheid om die korrespondensie te sien, het persoonlik daar veel mee te doen gehad, en kan getuig dat 'n brief skoon in Afrikaans iets uiters seldsaams was. Nie een uit 'n duisend was daarin opgestel nie. Boere sowel as winkeliers — of hulle nou lesers van die *Patriot* was of nie — het almal, waar hulle nie Engels gebruik het nie, hul beste beentjie in Nederlands voorgesit. Ds. S. J. du Toit self was g'n uitsondering nie. Almal het die mode gevolg.

EK GEE LES DEUR AFRIKAANS.

Tevore, in 1892, het ek, beurtelings op Uitenhage en Utrecht, tydelik waarnemende betrekkinge as onderwyser aanvaar — 'n halfjaar op elk. Op die Uitenhaagse skool was die voertaal Engels; op Utrecht, Hollands; en op laasgenoemde plek het die ondervinding my laat insien hoe voordelig dit vir leerlinge is dat die onderwysmedium hul eie taal is, en, tewens, hoe belaglik dit is dat Afrikaans nie eens in so 'n Afrikanerland as Transvaal as volkstaal gehuldig kon word nie. Die medium waardeur

ek die kinders sou moet onderrig, so het ek my voor my vertrek na Utrecht gewaan, was die taal van die kinders. Nou *hulle* taal was mos die Suid-Afrikaanse vertakking van Hollands? Dit was mos *Afrikaans*? G'n enkele Hollandertjie was daar in enige van my ses klein klassies te vind nie. Tog moes ek by my aankoms hoor dat dit van my verwag word om my in die skool so goed moontlik van *Nederlands* te bedien, daar Kaapse Hollands g'n taal was nie!

Alhoewel ek toe nog self in die waan verkeer het dat *Nederlands* ver bo *Afrikaans* verhewe was, het my opstandige gees hom weer laat geld en het ek daardie onsinnige verwagting bloot geïgnoreer. Ek het my jongspan — toevallig 'n skrandere en gewillige klompie — deur middel van hul regtige moedertaal les gegee. Elke woordjie wat ek *hulle* gesê het, kon *hulle* verstaan en inneem; verbasend vinnig het *hulle* gevorder, en by die eerste inspeksie, teen die end van my dienstyd, het *hulle* almal baie goed presteer. Het *hulle* hul lesse deur *Nederlands* of *Engels* as voertaal ontvang, sou *hulle* nooit so 'n goeie vertoning kon gemaak het nie.

Tog moes die inspekteur, 'n iesegrimmige Hollander, vol verbeeldings, my plegtig meedeel dat hy verplig sou wees om in sy amptelike verslag in twee opsigte ongunstig omtrent my werk te rapporteer. In die eerste plaas was my taal te „ongrammatikaal” — dit wil sê, alte *Afrikaans*! In die tweede plaas het ek die leerlinge in die korte tyd dat ek *hulle* onder my gehad het, veels te veel grond laat oorgaan: *hulle* kon dus onmoontlik 'n deeglike kennis van die onderrigte vakke opgedoen het. „Ik heb ze door middel van de taal die ze spreken, onderwezen,” maak ek hom duidelik, „opdat ze alles dat ik hun zei, zouden kunnen begrijpen; en als u meent

dat ik hierin niet geslaagd heb, onderzoek ze terdege alsjeblieft." Maar hierdie woorde het op dowe ore geval of, juister gesê, dit het gestrek om die meneertjie te vererg. 'n Sure kyk was al wat ek tot antwoord gekry het. Moontlik het hy besef dat as my opvatting van wat moedertaal-onderwys is, grond win, dit vroeg of laat daartoe sou lei dat die taal van Holland, en gevolglik die indiensneming van Hollander-skoolinspekteurs, iets van die verlede sou wees.

MY EERSTE ERNSTIGE POGING.

Onderwyl ek op Utrecht was (1892), het ek vir die eerste keer ernstig probeer om 'n gedig in Afrikaans op te stel, 'n vrag versies van vier reëls elk, bevattende 'n storietjie. Al wat ek nog daarvan kan onthou, is dat „Ferdinand" die held was! Die naam „Ferdinand" het my tog so verhewe en poëties voorgekom! Ek het dit gewaag om die stuk te stuur na *Land en Volk*, die Transvaalse pro-Joubert- en anti-Kruger-nuusblad, wat destyds onder die redaksie gestaan het van twee sulke flinke jong Afrikaners as J. de V. Roos en Eugène Marais. En die editeurs het my nie die goeie diens bewys wat die redakteur van die *Cape Times* my vyf jare tevore, toe ek hom 'n Engelse rympte gestuur het, betoon het nie: hulle het dit nie snippermandjie-toe gestuur nie! Nee, hulle het die lang ding volledig geplaas, nogal met 'n vleierende woordjie omtrent die insender! Die inhoud was verspot verby, van kuns was daar g'n spoor nie, en ek begryp vandag nog nie hoe 'n koerant van so 'n ordentlike gehalte so 'n prul kon opgeneem het nie. Moontlik het hy juis aan kopiegebrek gely. (Ek wil nou maar hoop dat g'n vyand die stuk in hande sal kry nie.) In alle geval, ek het oefening sowel as aanmoediging gehad.

AFRIKAANS ONGEWILD OOK OP PRETORIA.

Watter ander korrespondent in daardie dae in Transvaalse blaaië leesstof in Afrikaans gelewer het, kan ek nie sê nie. Ek was nie intekenaar of gereelde leser nie. Ek weet maar net dat die Hollander-element in die S.A. Republiek toe, en tot by die uitbreek van die oorlog (1899), ontsaglik baie in te bring gehad het, en dat Afrikaans in die hoofstad van daardie onafhanklike Afrikanerland niks meer in aansien was nie as in die hoofstad van die Britse Kaapkolonie. Wel het Hollands baie meer seggenskap in Pretoria as in die Kaap gehad, maar dit was die Hollands van Holland, en die taal van Holland het net so min lus gehad as die taal van Engeland om hom te laat verdring deur die taal van Suid-Afrika.

Dis waar, die Afrikaanssprekendes in Transvaal was verreweg in die meerderheid, en so kon hulle heel lig, as hulle dit wou, gesorg het dat hul omgangstaal tot staatstaal verrys, maar die vooroordeel by die invloedryke Afrikaners aldaar was net so skerp as elders in Suid-Afrika. Waar dit nie Nederlands was nie, moes dit Engels wees. Op Utrecht had ek my verblyf in die pastorie van die Ned. Geref. Kerk. Die predikant was die Moderator, en sy eggenote suster van 'n Ned. Geref. predikant. Albei had hul volk innig lief, en albei had die moed van hul oortuiging, op watter vraag ook. Die dame was een van die edelste en opregste Afrikaner-vroue wat ek in my lewe mee kennis gemaak het. Lees maar haar „Vergeeten?" Maar die huistaal was meeren-deels Engels. En elke Sondagaand moes daar in ons kerk 'n Engelse diens gehou word, hoewel 'n Engelse dominee in die dorpie gevestig was om

die geestelike belange van die handjievool plaaslike Engelse te behartig. Alles volgens die gees van die tyd.

En dan, die gewig van daardie Hollander-element ! Manne van die Pannevis-stempel was daar ook onder hulle, maar by alte veel het terughou van Afrikaans behoud van pos beteken. Nee. Die Hollanders het in meer as een opsig voortreflike dienste aan die Republiek bewys, en seker het g'n seksie die indringende, bedreigende Engelse taal vuriger beveg as hulle nie. Dis mense wat hare op die tande gehad het en ons daarin tot voorbeeld was. Dat hulle egter, as klas, die erkenning van die aansprake van Afrikaans tot struikelblok gedien het, ly g'n twyfel nie.

MY KLUGRYMPIES.

Maar ek wyk van my onderwerp af. Ek het gepraat van my bydraag aan *Land en Volk* in 1892. Voor gemelde ernstige poging het ek 'n hele klompie klugrympies gemaak om by geleentheid van jolige geselligheidjies vrinde mee te vergas. Sommige het later in koerante verskyn, o.a. „'n Meisi is 'n Snaakse Ding" en „Di Mak Volstruis." Na die *Patriot*, mag ek in die verbygaan sê, het ek nooit iets gestuur nie. Wel het 'n rympie uit my pen daarin voorgekom (1898), getiteld „Di Eleksistryd", maar die insender was nie ek nie. (Daardie rympie is ook opgeneem in een van D. F. du Toit en Co. se „Fersamelings" van „Afrikaanse Gedigte", 1901.) Op *Di Patriot* het ek nooit ingeteken nie, en amper nooit 'n eksemplaar daarvan in hande gekry nie. My koerant was die *Zuid Afrikaan* tot 1892, daarna *Ons Land* — die hoofbron van my kennis van Hoog-Hollands.

„ONS LAND” GESTIG, DEELS WEENS AFRIKAANS.

Van *Ons Land* gepraat, ek dink ek mag in die verbygaan aanstip dat taal ook iets te doen gehad het met sy stigting. *Ons Land* is in die lewe geroep deels omdat besef is dat die gewone Afrikaner-leser die soort van Hoog-Hollands wat uit die pen van 'n Nederlander vloei, te swaar gevind het. Die blote feit dat jy uitlanders moes gebruik as hoofredakteurs van jou volksorgane — 'n Engelenburg vir die Pretoriase *Volksstem*, 'n Borckenhagen vir die Bloemfonteinse *Express*, en 'n Van Oordt vir die *Zuid Afrikaan* — was al bewys van hoe moeilik dit geword het om gebore Afrikaners wat bekwaam genoeg vir die pos was, te verkry. G'n Afrikaner kon Nederlands skrywe sonder om onmiddellik te verrai dat hy Afrikaner is nie. In die geval van Van Oordt — dr. J. W. G., vader van „D'Arbez” — hy het nie net bo die koppe van sy lesers geskrywe nie, maar met die beste wil kon hy nie in hul gees tree nie. Hy was nie genoeg in voeling met hulle nie. Inderdaad het hy die siel, ook die taal, van die Griek van ouds beter geken as dié van die Afrikaner. Onse Jan het dit al lank gewaar, maar het nie geweet hoe om van die liewe ou heer ontslae te raak nie, totdat hy eindelijk (begin 1892) oorgegaan het tot die stigting van 'n ander blad, *Ons Land*, met sy neef J. H. Hofmeijr, M.A., gewese predikant van Uitenhage, as editeur. Dié se Hoog-Hollands was genoeg naby die Nederlandse standaard. Daar was ook bykomende redes waarom Onse Jan die stap gedoen het, maar dit daargelaat. Hy wis dat die *Zuid Afrikaan* nie lank sou kan voortbestaan sonder sy rugsteuning nie, en dan sou hy die goeie naam van daardie ou blad, wat vir jare (1871—1881) heeltmaal syne gewees het, red deur dit kwansuis

te laat saamsmelt met *Ons Land*. In die Lewensbeskrywing van Onse Jan deur sy jonge naamgenoot, kom dit voor of daardie volksleier niks te doen gehad het met die oprigting van die nuwe koerant nie. Hy het daar *alles* mee te doen gehad. Net, sy hand was soveel doenlik agter die skerme om begryplike redes. Hy het dan ook 'n menigte aandele in die nuwe maatskappy uitgeneem. Wat Onse Jan verwag het, het gebeur. Die arme, in die steek gelate *Zuid Afrikaan* het dadelik begin kwyn. Dit het nog twee jaar voortgesukkel en is toe deur sy jong mededinger ingesluk. „Verenigd”! In alle geval, van sy stywe Nederlands was die Afrikaner-leser ontslae, en 'n stap ter gemoetkoming van Afrikaans was geskied.

MY EERSTE TONEELSPELLETJIES.

Soos reeds aangestip, is ek in 1893-'4 werksaam gewees in my vader se koophandelsaak. Gedurende hierdie tyd het ek konsertjies in die Wichtsaaal georganiseer en by elke geleentheid is een van die items op die program gewees 'n kort klugspelletjie in Afrikaans, spesiaal vir die geleentheid opgestel. Een het geheet „Jakob Riem en di Varki”; 'n ander „Jan en Katrina”, en 'n derde „'n Les oor 'n Tier”. Die laaste, mag ek terloops aanstip, het tien jaar later (10 Januarie 1903) in *Ons Land* verskyn, en is daarna verenig met 'n dergelike klugspelletjie opgestel deur my broer vir 'n dergelike doel, en, na omwerking en uitbreiding, in 1910 in my *Stompies* opgeneem onder opskrif: „Die Selfsugtige Meester.”

Uit 'n letterkundige oogpunt het daardie stuk miskien g'n die minste waarde gehad nie, maar in sy hoofdoel, naamlik om lagspiere te prikkel, het dit voortreflik geslaag. Dis dikwels in konserte van

buiteskole opgevoer. „Jakob Riem en di Varki” en „Jan en Katrina” is ook later in *Ons Land* geplaas, maar hulle het nie soveel aftrek gekry nie.

DIE NUWE KERK SE C.J.V.

Twee van die konsertjies is gehou in verband met die C.J.V. van die Nuwe Kerk, 'n vereniging wat ek self met behulp van ons populêre predikant, ds. C. F. J. Muller, gestig het. ('n Dergelike vereniging, mag ek terloops sê, ook met Afrikaans as voertaal, het ek in 1892 op Uitenhage gestig.) Die reëls het ek in my beste Nederlands opgetrek, en, as sekretaris (want die Vereniging het my met hierdie pos belas) het ek die notule ook in die taal van Holland, op my manier, gehou. Wat alles aantoon hoe ek self slagoffer van die algemene mode was. (Of dit my egter *toegelaat* sou gewees het om in 'n onerkende skryftaal die statute en notule op te trek, is darem ook nog die vraag! Ek vrees dit sou ongehoord gewees het.) Maar die toesprake in die vergaderings was sonder uitsondering, as ek my tereg herinner, in Afrikaans. Selfs ons geleerde voorsitter, ds. Muller, wat op taalgebied nooit bekrompe was nie en gewoonlik in die Sondagskool amper suiwer Afrikaans gebruik het, het ons spreektaal aan sy eer gelaat. Ek glo jy sal in die Westelike Provinsie ver moet gesoek het om nog so 'n Afrikaans-eerbiedigende debatsvereniging te kry.

AFRIKAANS VERFOEI, HUISTAAL ENGELS.

Van ds. Muller gepraat, sy huistaal — so verskillend van dié van die Grote Kerk se predikant, ds. A. I. Steijtler, wat erg *pro*-Nederlands en heftig *anti*-Afrikaans was en wie se kinders gevolglik byna uitsluitlik *Engels* tuis gepraat het — was ons

gewone spreektaal. Moontlik, darem, as dit vier dogters in plaas van vier seuns was, sou jy in die pastorie van die Nuwe Kerk ook meer Engels as Afrikaans gehoor het. Meisies is meer geneig om die mode te volg. In daardie dae het jy min jong dames in ordentlike geselskap hoor Afrikaans gesels. En in 'n gemengde geselskap het die etiket vereis dat die jong man die nôientjie in die „civilized language” toespreek, as hy hom nie ongeleerd en torrerig wou voordoen nie.

'N SPES PATRIAE.

Maar om tot die Nuwe Kerk se pastorie terug te keer, ek het daar 'n toekomstige taalleier aangetref. Ek was maats met die jongspan — in die begin veral met die oudste seun, later veral met die jongste, al was hy nog maar 'n bog kind by my gereken. Tobie was een van die skranderste kinders wat ek ooit teengekom het. In daardie dae het ek graag dam-bord gespeel en my verbeel ek kon enigeen in die spel klop — totdat ek met Tobie in botsing gekom het! Tot my skande, kon ek dit met daardie knapie slegs gelykop maak. Maar intussen het ek met sy edele, aanminlike inbors van naby kennis gemaak, en hom regtig innig leer liefkry. Of ek ook enige invloed op hom uitgeoefen het, weet ek nie, maar Tobie het sy plek in my hart behou ook nadat die Muller-gesin Stellenbosch-toe en ek Europa-toe vertrek het, en op alle nasionale punte was hy en ek dit eens. Min egter het ek toe geraai dat ek in daardie saghartige jongeling nog een van my moedigste, sowel as invloedrykste medewerkers op taalgebied sou vind — die volksman wat, saam met Bennie Keet, Gordon Tomlinson en enige ander vasberadenes, Stellenbosch vir Afrikaans sou verower.

W. J. VILJOEN DOKTOR, MAAR STEUN NOG AFRIKAANS.

Teen die end van 1894, drie jaar nadat ek die S.A. Kollege verlaat het, het ek Londen-toe vertrek vir 'n kursus van drie jaar in die regte, en een van die eerste Afrikaners wat ek daar teengekom het, was my gewese „Skool-Hoër”-onderwyser, W. J. Viljoen, wat pas sy doktorsgraad in die filologie verwerf het. Regte bly was ek om daardie taalvrind weer te sien, alhoewel, soos maar natuurlik was, ek my nie bra op gelyke voet met hom kon plaas en eie met hom voel nie. Tussen gewese meester en leerling bly daar gewoonlik iets van 'n kloof. Maar hy het dadelik met my op die taalonderwerp begin, en dit op die toon asof ek 'n ou kameraad was, baie geesdriftig ook, en my opnuut vertel van die hoë dunk wat hy van Afrikaans koester. Dat hy dit nie gesê het sommer om na my mond te praat nie, blyk uit die feit dat hy kort tevore daardie selfde jaar, skriftelik verklaar het (in sy *Allgemeine Einleitung zur Geschichte des Cap-Holländischen*): „As Afrikaans geskik is as voertaal van mondelinge gedagte-wisseling, waarom kan hy nie net so geskik wees, of gemaak word, om hom tot skryftaal te laat verhef nie? Die vaste oortuiging hiervan dat die Afrikaanse taal vir die Afrikaanse volk goed genoeg is, het die baanbrekers van die nuwe rigting tot kragdadige handeling aangespoor. . . . As ons dit bedink, dan kan ons in die verheffing van Afrikaans tot skryftaal onmoontlik die uiting van 'n dwase plaaslike patriotisme terugvind, maar veeleer die gesonde uiting van 'n nasionale gevoel wat met krag te voorskyn tree.”

Die tyd was nog nie ryp nie, het hy my as sy mening laat verstaan, om hierdie taal in die plek van Nederlands in ons land te stel, daar dit nog in

'n alte jonge stadium van sy ontwikkeling verkeer, maar stellig verdien dit alle agting en verpleging. Ek het die opmerking gemaak dat ds. S. J. du Toit, volgens my beskouing, die saak van Afrikaans enig-sins bederf deur 'n alte radikale afwyking van die Nederlandse spelwyse. Viljoen se antwoord was dat hy self in die begin so 'n mening toegedaan was, maar dat hy by nadere studie en ondersoek ingesien het dat die dominee se reëls goed gegrond is, en hy kon nie genoeg sy bewondering uitspreek vir die filologiese kennis en deursig van die man wat nie juis 'n taalgeleerde was nie. As iemand wat toe al lank oortuig was dat „ons taal” eintlik Afrikaans, en nie Nederlands was nie, het ek die gesprek innig geniet. En ek kon nie help om te dink nie dat in dr. Willem Viljoen, met sy taalgeleerdheid gelykstaande met, indien nie verhewe bo, dié van enige ander Afrikaner van die dag; die diepe erns en vurige entoesiasme waarmee hy alles pak wat hy onderneem; sy verbasende welsprekendheid en oorredingskrag, gepaard met sy regtig indrukwekkende voorkoms, sy mooi morele karakter, fyn humorsin en geniale geaardheid; daarby ook die intieme kennis van daardie Karroo-seun van die behoeftes van ons volk op taalgebied — dat in daardie nasieman die verstote Afrikaans nog sy beste beskermer, sy regtige redder, gaan vind. En ek was nie die enigste wat so gedink het nie. Of my verwagting bewaarheid sou word?

Drie jaar later (1897) is dr. Viljoen as professor in Nederlands aan die Victoria-Kollege, Stellenbosch, aangestel — juis die plek waar hy die meeste sou kan uitvoer.

HOOFSTUK III.

1895—1897.

BEWEGING BEREIK KEERPUNT.

GEDURENDE MY VERBLYF IN EUROPA.

DIE LES UIT AMSTERDAM.

My vakansies, onderwyl ek in Europa verkeer het (November 1894 tot Oktober 1897), het ek gewoonlik op die Vasteland, by voorkeur in Holland, deurgebring. My eerste reis na laasgenoemde land was in 1895. My reismaats was Jan C. Smuts (toe student in die regte, nou Opposisieleier in die Volksraad) en wyle Jan de Villiers (student in die boukunde). Ons drie het in die eerste instansie vir Frans S. Malan (toe student in die regte, nou senator), wat in Amsterdam gebly het (o.a. omdat hy hom destyds meer tuis onder Hollanders as onder Engelse gevoel het), gaan besoek. En by daardie geleentheid het dit my duideliker opgeval as ooit tevore hoe ontsaglik uiteenlopend Nederlands en Afrikaans was. Smuts en ek, wat heelwat Nederlands gelees en die grammatika goed geken het, kon dit nog regkry om ons by die Amsterdammers lig verstaanbaar te maak, maar met Jan-Nommer-Drie, 'n man wat alles van masienerie geweet het maar hom nooit aan taalvorm gesteur het nie, het dit maar broekskeur gegaan. Ek het toe ingesien, lewendiger as ooit, hoe verspot dit was om die hoop en verwagting te koester, soos baie nog gedoen het, om Afrikaanssprekende

Suid-Afrika ten opsigte van taal tot 'n tweede Holland te herskep.

Hiertoe was daar nie die allerminste kans nie. Die bande wat die twee lande anderhalf eeu tevore so heg aanmekaar gebind het, was intussen die een na die ander só verbreek dat die twee volke nou feitlik vreemdelinge vir mekaar geword het, en hul onderskeidelike spreektaal so weggetrek van mekaar dat terugvoer van die een na die ander iets letterlik onmoontlik geword het. Om te wil hê dat die Afrikaner hom onder sulke omstandighede voortdurend van die taal van die Nederlander as enigste skryf- en leesmiddel sou bedien, was ongerymd. Ek, wat die eerste prys vir my kennis van Hoog-Hollands (my geliefkoosde vak) in byna elke klas op die Normaalskool weggedra het en my later soveel moontlik in die skrywe van daardie taal beoefen het, het nou hier in die Nederlandse hoofstad keer op keer met my grammatika, woordegebruik, idiome, sinbou en, laaste maar nie minste nie, uitspraak deur die mat geval. Byna g'n enkele sinsnede kon ek uit sonder om te verraai dat ek g'n inwoner van Holland was nie. Waar was die Afrikaner se selfrespek, dog ek by myself, om aan die wêreld te moet voorgee dat hy g'n eie taal besit nie, of, juister gesê, dat die een wat hy moet voorgee te besit, buite sy bereik was?

As daar 'n tyd in my lewe was dat ek ernstig gevoel het dat ek 'n disipel van S. J. du Toit behoort te wees, dan was dit op daardie reisie. Ek was nou geneig om selfs verder te gaan as hy — en in die praktyk te beoefen wat ek voorstaan! So waag ek dit om aan enige Suid-Afrikaanse vrinde — nie vrindinne nie, want dan het ek gevaar geloop van hulle te verloor — in Kaapse Hollands, i.p.v. my gewone Nederlands, te skrywe.

ENGELSE ANTWOORDE OP AFRIKAANSE BRIEWE.

Die antwoorde, egter, wat ek gekry het, was in *Engels*. Afrikaans, as skryftaal, wou maar nog nie vat nie, selfs nie by warme jong nasionaliste nie; en 'n mens het g'n lus om aan die korrespondente uit sy vrindekring iets op te dring wat jy weet is ongewild nie. Nou en dan het ek ook aan Onse Jan geskrywe, en, daar ek wis dat hy, hoe geheg ook aan gesette instellings, nie bekrompe was nie, het ek ook aan *hom* een brief in Afrikaans opgestel. Dit was na die Jameson-Inval. Hy het daar g'n kommentaar op gemaak nie, en die brief nogal vereer deur 'n deel, ter wille van die inhoud, in *Ons Land* te plaas (7 Maart 1896); maar sy antwoord was weer in Nederlands.

EK MOET LIEWERS AFSIEN VAN DIE „PATRIOT''-TAAL!

My vader egter, wat ruim so grootgeestig as Onse Jan gewees het, het dit nodig geag om my in my eie belang die volgende waarskuwing (ged. 7 Maart) te stuur:—

„Moet niet vergeten dat er hier, zoowel als in de Vrijstaat en Transvaal, in de couranten een bakleislag is tusschen die ‚Patriot‘-taal en de Hollandsche taal. U weet dat onze Afrikaansche Partij behoorende aan de Taalbond een tijdschrift gaat uitgeven, genaamd ‚Ons Tijdschrift‘ en dat ‚Di Patriot‘ een oppositie-tijdschrift gaat uitgeven, genaamd ‚Ons Klyntji‘, en zeer goedkoop. Daarom, denk ik, moet u voorzichtig zijn en liever in onze Hollandsche taal schrijven dan in Patriots. Onze menschen hier — ik bedoel de Hofmeijr-kring — houden niet van de ‚Patriot‘-taal, en daar u goed Hollandsch kunt schrijven en daar het ook wenschelijk is dat een advokaat Hol-

landsch en Engelsch moet kennen, zou ik u willen vragen of het niet best voor u zijn zal, liever in 't Hollandsch te schrijven. Ik geef u maar de wenk. Verkiest u liefst het Afrikaansch, doen dan maar zooals u best denkt."

My vader kon bygevoeg het dat as ek politieke joernalis wou word, daar nog soveel te meer rede was waarom ek by Nederlands moes bly en in daardie taal my pen soveel moontlik beoefen.

Die gees van sy brief weerspieël taamlik suiwer die gevoel van die gewone taalgetroue volksliewende Afrikaanssprekende van die tyd. Die groot rede waarom jy by Nederlands as jou skryftaal wou bly, was omdat jy op taalgebied konservatief was.

DIE EERSTE BEWEGING BEREIK SY KEERPUNT.

Maar my vader was verniet bevrees. Tot g'n stryd het die voorstanders van Nederlands hulle teen Afrikaans op daardie tydstip hoof aan te gord nie. Dit was oorbodig, en oorbodig sou dit vir baie jare bly. „Patriots", as pentaal, het toe al sy hoogwatermerk, sy keerpunt, bereik, en jammerlik sou hy die onder-spit moet delwe in watter geveg daar nog moes volg. Want, soos die toeval dit wou, juis in daardie jaar (1896) is hy gedoem, soos spoedig sou blyk, om 'n geweldige terugslag te ondervind — besorg nogal deur sy eie „kampvegter"! Du Toit kon nou 'n honderd *Ons Klyntji's* gestig het, dit sou alles bitter weinig gehelp het. Buitekant die onmiddellike „Patriotse" kring, wat nou vinnig aan die inkrimp was, sou sulke tydskrifte eerlang deur nagenoeg niemand gelees word nie. Soos ek reeds duidelik gemaak het, die fenomenale groei van die *Patriot* na die Anneksasie van Transvaal (1877) was allesbehalwe te danke aan sy verskyning in en propaganda vir Afrikaans.

Dit was byna uitsluitlik toe te skrywe aan sy nasionale karakter — meer bepaald sy *anti-Britse* optree. As die blad destyds 'n *pro-Britse*, of selfs *neutrale* houding ingeneem het, sou sy intekenlys erger as skraal gewees het. Dit val natuurlik nie te ontken nie dat Afrikaans uit die vooruitgang van die koerant voordeel getrek het, want daardeur het dit noodwendig onder die oë van baie Afrikaners gekom, is goed geadverteer, kon in sekere mate versoen raak met bevooroordeeldes en — van hoofbelang — was in staat om saadkorreltjies af te werp wat in later jare kon ontkiem. Maar, aan die ander kant, omdat die *Patriot* die eerste en enigste blad was waarvoor Afrikaans tot medium gedien het, is hierdie taal, as lees-tuig, daarmee vereenselwig, en het die mate van sy gewildheid by die leser gevaarlik gepaard gegaan met dié van die koerant, gevaarlik afgehang van die houding van die redakteur.

Nou wat het gebeur? Om meer as een rede vertel ek dit nie graag nie, maar tensy die leser op hoogte is omtrent die politieke geskiedenis, is dit hom onmoontlik om te verstaan hoe 'n leestaal wat vir vier-en-twintig jare agtereën, hoe stadigies ook, vordering gemaak het, daarna weer vinnig in onbruik kon raak.

Op die laaste dag van die jaar 1895 het die berugte Jameson-strooptog, wat die Afrikanerdom met net soveel verontwaardiging sou vul as die reeds gemelde Anneksasie, plaasgevind. Weer kon Du Toit, as hy dit wou, omdat die *Patriot* nog aldeur in 'n minder verantwoordelike posisie as *Ons Land* was, juister die geskokte gemoed van die Afrikanervolk weergee en na die smaak van die opstandiges skrywe. En jy sou stellig verwag het dat hy — mede-oprigter van die Genootskap van Regte Afrikaners, stigter van die Afrikaner-Bond, hoofpropagandis vir 'n on-

afhanklike Suid-Afrikaanse vlag, nasionale digter, volksman, politikus — van die gulde geleentheid die volste gebruik ten voordele van sy blad en taal sou maak, ja en tegelyk sy eie kwynende reputasie weer opbou. Dat hy dit sou doen, het seker selfs die menigte wat hom teen hierdie tyd al gewantrou het, van hom verwag. Alreeds was die *Patriot*, in vergelyking met *Ons Land*, in die politieke wêreld tot 'n onbeduidende mag verval. Selfs van die Afrikaaner-Bond, wat in 1883 verenig was met Hofmeijr se „Boerenbeschermings-vereeniging”, het *Ons Land* die hoof-mondstuk geword. Alreeds ook moes die *Patriot* heelwat boet vir die ongenade waarin sy stigter in Transvaal gekom het. Het hy van daardie unieke kans tot herstel gebruik gemaak?

Inteendeel. Wel het dit aanvanklik gelyk of hy dit gaan doen, ja, of hy poliets verby is, toe hy naamlik die vergaan van die skip „Moor,” die uitbreking van die runderpes en die dinamietontploffing in Johannesburg aan Rhodes se sonde wou toeskrywe — en hierdie houding mag bygedra het tot die mooi opkoms na die algemene Afrikaanse taalkongres wat kort daarna in die Kaap gehou is —, maar spoedig het hy 'n heeltemal teenoorgestelde rigting ingeslaan. Asof die *Patriot* nog nie genoeg leed en teenspoed gesmaak het nie, moes redaksie en eienaars nou (1896) skoon vergeet van waar die koerant oorspronklik sy krag vandaan gehaal het — *en hom laat kant kies vir die vyand!*

Binne twee maande na die Strooptog is die nasionale karakter van *Di Patriot* in 'n *anti*-nasionale verander! Die *Patriot*, as patriot, was dood. „Bewaar my vir my vrinde!” kon wel sy beskermeling, Afrikaans, toe uitroep. 'n Menigte van die gewese loftoeswaaiers en aanhangers van daardie koerant het nou met veragting hul rug na hom toegekeer, en

daarmee ongelukkig ook aan „Patriots,” omdat hulle beswaarlik die twee van mekaar kon skei.

„ONS KLYNTJI” GEBORE.

Soos geadverteer, is *Ons Klyntji* in daardie selfde, vir Afrikaans so noodlottige, jaar 1896 in die lewe geroep. Dit was ongetwyfeld 'n flink geredigeerde klein tydskrif vir die jeug, die enigste van sy aard in Suid-Afrika, had enige knappe medewerkers, en die geringe intekenprys van 4/- per jaar was binne die bereik van iedereen. Maar die hand van S. J. du Toit was daarin, en dit was genoeg om die onderneming te doen. Eerlang het alleen die spotkope manier waarop die prysenswaardige nie-politieke tydskrif gedruk en uitgegee kon word, dit in staat gestel om te kan voortlewe.

DIE PÊREL AS NASIONALE SENTRUM GEKNOU.

Die *Patriot* se bolmakiesie-spelery het ook 'n ander ongelukkige uitwerking vir die Afrikaner gehad. Dit het diegene wat nog in hul goedertrou aan Du Toit as volksleier gekleef het — mense meestal van die vaderlandsliewende stempel — allengs afvallig gemaak vir hul volk. En as 'n Afrikaner-gesin eers eenmaal sy volk verlaat, is dit geneig om ook sy taal prys te gee en na Engels oor te gaan. In my jong dae het ek dikwels van die Pêrel hoor praat as die Mekka van die Afrikanerdom. Die Genootskap van Regte Afrikaners het byna uitsluitlik bestaan uit ingesetenes van die Pêrel — dorp en distrik. Dis ook in die Pêrel dat die Z.A. Taalbond gebore is. Sedert 1896 het daardie plek sy reputasie as 'n by uitstek nasionale sentrum, verloor.

„HET DAGBLAD” OP DIE TONEEL.

Die houding van die *Patriot*, sê ek, was die oorsaak. Maar nie die *Patriot* alleen nie. Dié het in daardie jaar 'n maat gekry. 'n Nuwe vyand van die nasionalis, 'n nuwe persorgaan, het ontstaan — 'n plaaslike dagblad, wat krasser sou te werk gaan as die ouer koerant.

Toe Cecil Rhodes, teruggekeer in Suid-Afrika na sy kamptige verhoor in Londen op aanklagtes van deelname aan die Jameson-komplot, openlik verklaar dat wat aan geweld misluk is, grondwettige middele sou behaal, wis iedereen wat dit moes bedui. Wat 'n *strooptog* nie teweeg kon gebring het nie, sou 'n *oorlog* moet! Die gemoedere van die onkundige Britse gepeupel sou onafgebroke opgerui word teen die Boere totdat die uitbarsting van onluste iets onvermydeliks geword het. Ook hier in Suid-Afrika moes vir die Imperialistiese saak propaganda gemaak word, selfs onder die Hollandssprekende Afrikaners.

'n Ontsettende spanning, nie net in Transvaal nie, maar in die hele Suid-Afrika, het daar geheers, en Afrikaner-volksmanne — Kruger, Steijn, Hofmeijr, almal — moes ál hul aandag wy aan die vraag hoe om die dreigende inpalming van Naboth se wingerd en politieke verplettering van die Afrikanerdom te keer. Dis onder sulke omstandighede dat *Het Dagblad* gestig is.

Dat die nuwe koerant egter oorspronklik opgerig is met die besondere doel om, saam met die *Patriot*, as kampvegter van die Imperialisme onder die Afrikaner-volk op te tree, wil ek nie beweer nie. Ek weet nie. Dit lyk amper of dit aanvanklik in die lewe geroep is deur 'n aantal Afrikaner-Parlementslede om te dien „as 'n blad waar” (om die woorde van een van hulle letterlik aan te haal) „reg kan geskied

aan diegene wat anders dink as Burgstraat". Hulle het gemeen dat *Ons Land* alte eensydig was. Hoe dit sy, ook van hierdie orgaan is die gedienstige S. J. du Toit tot editeur gekies, en sóveel kan ek konstateer dat, na dit wenslik bevind was om die blad in die Kaap, in plaas van die Pêrel, te druk en uit te gee, Rhodes dit na willekeur beheer het, al vind jy waarskynlik nêrens sy naam op 'n aandeelhouerslys nie. 'n Betreklik rojale rolletjie kon meneer *Dagblad* toe speel. Hy is voorsien van die jongste kabelberigte en aan 'n menigte argelose boere is hy gratis gestuur.

Die feit dat die stigters nie verkies het om die alreeds bekende weekblad *Patriot* hul dagblad te maak nie, sê al veel; en nog meer, die omstandigheid dat die koerant in *Nederlands* moes verskyn. Jy sou meen dat, as Afrikaans 'n agtien jaar tevore kon gedeug het as middel waardeur Afrikaners aangevuur moes word vir 'n saak, dit *nou* nog daartoe in staat behoort te wees. Dit kon gedien het as voertaal van die eerste orgaan van die Afrikaner-Bond, waarom moes dit dan nou liewers die oë van Bondsmanne ontduik? Die antwoord het ek reeds gegee: Omdat „Patriots”, saam met *Patriot*, by die volk in slegte reuk gekom het. In „Hoog-Hollands”, en „Hoog-Hollands” alleen, sou jy nou moet skrywe om lesers te vang onder dieselfde nasionale geledere wat eers so vrede gehad het met Afrikaans! Sowel die *sub-* as hoofartikels van *Het Dagblad* het verskyn in die nagebootste taal van Holland.

Maar selfs skuiling agter Hoog-Hollands het die vlieër nie wil laat opgaan nie. Soos ek tevore aangemerkt het, dis nie soseer die *taal* nie, dis die *inhoud* waarna die Afrikaner-leser gekyk het. Die *Patriot* het in sy goeie dae *gewild* geword ten spyte van sy taal; *Het Dagblad* is *verfoei* ten spyte van sy taal.

Du Toit self was by die nasionale Afrikanerdom uitgedien. Maar hierdie ondervinding het blykbaar net gestrek om hom nóg nydiger te maak. Dit was nou nie net Paul Kruger teen wie hy dit had nie: dit was die Republiek self. Transvaal was nou „het land der schandalen”. In een uitgaaf (18 Februarie 1898) het hy taamlik onbewimpeld vir Groot-Brittanje aangesar tot oorlog met die S.A. Republiek.

MY EERSTE DRAMA : „ANJELINA.”

Maar ek loop alweer die tyd vooruit.

Ds. Du Toit se omspringery, wat plaasgevind het terwyl ek nog oorsee was, het aan my persoonlik g'n verskil gemaak wat my gedagte omtrent die regte van Afrikaans betref nie. Hierdie regte het ek baie sterk by mede-studente bepleit, en gedurende my verblyf in Londen het ek vir die eerste keer, al was dit maar vir tydverdryf, 'n ernstige drama in „Kaapse Hollands” probeer opstel. Ek meen dit was in 1897. Die tema was nie eg Suid-Afrikaans nie, so het ek Frankryk tot speelgrond gekies. Maar ek was nie tevrede met die uitslag nie, het die manuskrip aan niemand gewys nie en dit onder in 'n reisak weggestop — om dit nie te herlees voor ongeveer ses jaar later nie! In 1903, onder 'n naam wat toe nog nie bekend was nie, „Janni”, het ek hom geplak in *De Goede Hoop* onder die titel „Anjelina.”

WOU EDITEUR VAN „ONS LAND” WEES!

Na 'n driejarige verblyf in Europa, het ek na die Kaap teruggekeer. Dit was in Oktober 1897. 'n Ruk tevore het ek aan Onse Jan geskrywe of daar nie kans vir my was om editeur van *Ons Land* te word nie. Sy neef en naamgenoot het van die redak-

sie afgetree om skoolinspekteur te word, en mnr. Kleinpenning, van die staf, met behulp van dr. Van Oordt, het tydelik waargeneem. My plan was om Afrikaans trapsgewyse in daardie blad in te voer. Maar Onse Jan het my daarop gewys dat my vader teen my in die politiek gekant was, en hoe sou ek in die blad teen hom, wanneer nodig, kan optree? Ek sou egter in elk geval gepier gewees het, want ongeveer 'n halfjaar voordat ek Londen kon verlaat, is Kleinpenning dood, en toe was my vrind Frans Malan, wat hom in die Kaap as advokaat gevestig het, by die hand. Hy was dan ook meer gekonfyt in Nederlands as ek, en aan die voete van Gamaliël, die Bond-leier en fynste van Afrikaner-joernaliste, sou hy leer om 'n voortreflike edituur uit te maak. Dit nog by: toe hy Europa (in 1895) verlaat het, was hy onversoenlik nasionaal.

HOOFSTUK IV.

1897—1899.

GEWONNE GROND RAAK VERLORE.

EK TERUG UIT EÛROPA.

AAN „HET DAGBLAD.”

Terug in die Kaap, is ek geadmitteer as advokaat en het as sodanig hier 'n kantoor geopen (November 1897, in die Eksekuteurskamer-gebou, Waalstraat). Maar ek het my ook dadelik, soos my plan van die begin af gewees het, in joernalistieke werk begewe, al moes dit in die begin van heel onskuldige en onskadelike aard wees. Die politieke wêreld was toe baie omgekeer, en ek het gedog dis miskien beste dat ek my vereers uit die wespenes hou. Vir drie koerante — later vier — van uiteenlopende politieke rigtings het ek non-politieke diens gedoen. Een daarvan — moenie skrik nie! — *Het Dagblad*.

My werk vir hierdie blad was om elke namiddag tussen vier- en vyfuur oor te stap na die klein drukkersgebou in Breestraat en daar Du Toit se inleidingsartikel vir die volgende uitgaaf in Engels oor te sit. Ten opsigte van daardie artikels was die blad tweetalig. Dit was met 'n bietjie huiwering dat ek die werk aanvaar het. Nie soseer omrede ek van die beleid van die blad verskil het nie — almal het geweet dat ek Bondsman was, en ek het ook die *Cape Argus* gedien (met Parlementsverslae) — maar

omdat ek gevrees het dat ek eerlang met Du Toit in botsing sou kom. In die begin het dit egter goed gestryk. Persoonlik was hy heel vriendelik en inagnemend teenoor my, en oor staatkundige vraagstukke het hy g'n redenasie met my gesoek nie. In die omgang, moet ek sê, het ek hom 'n gentleman van die eerste water gevind.

„KONINGIN VAN SKEBA.”

Gedurende daardie tyd het hy sy „Koningin van Skeba” geskrywe. In die agtermiddag, na hy met sy inleidingsartikel klaar was — en dit het in die reël g'n halfuur geduur nie, want 'n vinniger dinker en sneller skrywer was daar nie — het hy die roman gepak. Dan was hy ook glad 'n ander mens. Die uitdrukking van nyd en wrewel wat ek meermale op sy gelaat bespeur het, het dan verdwyn, om plaas te maak vir een van sagte innemendheid. Hy het dan politiek en vyande vergeet en in 'n aangename droomwêreld verkeer. 'n Paar keer het hy, in sy regmatige ingenomenheid met sy storie, vir my stuk kies daaruit voorgelees. En ek het dit geniet. Tog, omdat die man in my oë al so ver gedaal het, het ek g'n lus gevoel om sy verhaal in *Ons Klyntji* te volg nie. Op hierdie tydskriffie het ek nooit ingeteken nie; en eers in ongeveer 1906 het ek ontdek dat die storie in boekvorm te verkry was. Terloops mag ek ook hier byvoeg dat ek baie min met Du Toit gesels het; en — vreemd as dit mag klink — oor die enkele voorname vraagstuk waaroor hy en ek dit eens was, Afrikaans, het ons g'n enkele keer met mekaar 'n woord gepraat nie. Hoe ek ook sy buitengewone talente bewonder het, aangetrek het die man my nie. Een rede was miskien dat hy te min van 'n altruïs, en te veel van 'n individualis was.

AFRIKAANS IN ON-AFRIKAANSE HANDE.

Du Toit se ywer vir Rhodes is nie by pennewerk beperk gebly nie. Hy het ook 'n ander middel bedink hoe om die Afrikaner-Bond te beveg. Uit die aanhangers van die *Patriot* en *Dagblad* stig hy in die Pêrel (in 1898) 'n nuwe politieke organisasie, met die verspotte naam van „De Koloniale Unie”. Let wel: *de*, nie *di* nie, en al die reëls was in puik Nederlands. Du Toit het, soos ek persoonlik weet, hoë verwagtings van hierdie nuwe voortbrengsel gekoester, maar spoedig het hy op die neus moet kyk. Uiters gering was die aantal wat aangesluit het. En, soos die ironie dit wou, moes hy op die eerste kongres 'n bedekte verwyt aanhoor dat hy nie genoeg vir die taal doen nie! Ons lees in *Ons Land* se verslag (19 Januarie 1899) dat „het kongresje” besluit het om die *Patriot* te ondersteun, „in de verstandhouding dat dat blad voortaan meer de taal op den voorgrond zal stellen”. So had hy darem nog aanhangers wat dit ernstig met Afrikaans meen. Maar wat 'n vreemde verskynsel: Gedurende die Eerste Vryheidsoorlog was die lesers van Du Toit en Afrikaans nagenoeg almal Republikeine en verwoede *anti*-Imperialiste; terwyl nou, met die dreigende Tweede Vryheidsoorlog, sy aanhangers verwoede Imperialiste, *anti*-Republikeine was! Eers die rebelsgesindes, nou die ultra-lojales. Eers die gros, nou die uitsonderings. Watter vooruitsigte was daar vir Afrikaans in die hande van so 'n omgekeerde, on-Afrikaanse klas?

A propos, mnr. G. R. von Wielligh het met sy goeie hart omtrent Du Toit verklaar: „Die Afrikaanse taal was sy liefling tot sy dood toe; wie dit durf beswadder, het moet weet dat hy in die oë van ds. Du Toit hoogverraad gepleeg het.” Hierdie

woorde rym nie bra met gemelde bedekte verwyf nie. Stel in die plaas van „tot sy dood toe” : „tot 1896”, dan wil ek dit van harte aanneem. Vir my het dit sterk voorgekom of Du Toit se entoesiasme vir Afrikaans aansienlik afgekoel het na hy die Bond — die liggaam wat vir volk en taal moes opkom — begin beveg het. Dis my dan ook ondinkbaar dat jy kan draai teen jou nasie maar darem nog sy taal net so kan waardeer en bemin as vantevore. Seker is g'n die minste teken van sulke liefde ooit in *Het Dagblad* geopenbaar nie.

ONSE JAN OOR DU TOIT.

Onse Jan het Du Toit in die begindae van *Het Dagblad* soveel moontlik probeer negeer. „Laat die man maar in sy eie vet braai,” het hy aan 'n vriend gesê. By wyle egter het hy nie kan swyg nie, en sy pen was taamlik kenbaar in 'n hoofartikel van *Ons Land* in antwoord op Du Toit se aanval op hom by geleentheid van gemelde kongressie. Dis wêrd om dit aan te haal (17 Januarie 1899):—

„De hele speech is een treurig bewijs dat de nederige, zelfopofferende man sedert jaren is vervuld met een gevoel van wrevel, ergernis, verbittering en miskende eigenwaarde. . . . Hij heeft heelwat eer in zijn tijd gegaard. Maar nooit genoeg om zijn onleschbaren dorst te verwijderen. Hij moest telkenmale van teleurstelling blijk geven door anderen, zijns inziens, onnoodig of ten zijnen koste geprezen, met slijk te merken of in verdenking te brengen. Nu was het Jan Brand, dan Paul Kruger, dan Piet Joubert, dan Andrew Murray, en dan weer Jan Hofmeijr. En het einde van alles is dat het klompje zijner aanbidders ál kleiner en kleiner wordt, en het jongste kongresje heeft moeten verhuizen van het

ruime Paarlse stadhuis naar een opkamertjie in de Paarlse Drukkerij. . . . Tracht wat minder goeds te denken omtrent uzelf en wat minder kwaads omtrent den naaste; ijver voor de zaak, niet voor de eer, en al deze dingen zullen u toegeworpen worden."

Oor die afvalligheid van Du Toit het ek aan Onse Jan die gedagte gelug dat die Afrikanerparty in die verlede altemit te min sy bekwaamheid benuttig het. „'n Gevaarlike man om te gebruik," was die antwoord; „soos 'n boer dit aan my uitgedruk het, Du Toit is soos 'n bok: alles waaraan hy kou, vrek." 'n Gelykenis wat darem nie in alle gevalle steek gehou het nie. Du Toit het bevoorbeeld die Bond gestig, en hy self het dit nie kan dood kry nie! Stellig, egter, het die lot van die *Koloniale Unie* nie gestrek om daardie beeld te verloën nie.

Dit het nie lank geduur nie of die nuwe organisasie, wat al by sy geboorte die doodskiem in die lyf gehad het, het in rook opgegaan, en verskeie lede, deur *anti*-Afrikaner-maters omhels, het weldra ook die veragte „Kitchen Dutch" laat vaar — ten gunste van Engels!

DIE ASPIRANT DIKTATOR.

Maar om weer tot myself terug te keer, — hoe meer ek van Du Toit se inleidingsartikels gelees het, hoe voller het ek vir die man geword. Een daarvan het my aanleiding gegee om my eerste naamdig in Afrikaans te maak. Die dominee het sy lesers — die handjievul wat daar nog was — probeer wysmaak dat Hofmeijr net „dictator" wou speel en hulle teen hom gewaarsku. Toe stuur ek, deur middel van 'n jong vrind, versies na *Het Dagblad* getiteld (as my geheue my nie bedrieg nie) „Di Diktator", waarin ek die spot dryf met die persoon wat so graag

diktator wou speel maar dit nooit sou reg kry nie. Die editeur het nie opgemerk dat dit 'n naamdig is waarvan die voorletters van die reëls, van bo na onder gelees, „Stephanus Jacobus du Toit” spel nie! So plaas hy dit geredelik — een van die erg weinige bydragies wat die blad van buite ontvang het. Sy flater het hy eers ontdek na die versies 'n dag of wat later deur *Ons Land* oorgeneem was onder die opskrif, as ek dit reg onthou, „Wat *Het Dagblad* van zijn editeur denkt.” Soos te begryp, was die gepierde man diep verontwaardig oor die poets. Dat *ek* die bakker was, het hy, soos ek half verwag het, vermoed. Maar ek het ook nie veel omgee nie. Die verhouding tussen hom en my was daarvandaan nie van die beste nie, en my skeiding met hom en sy affêre het eerlang plaasgevind. Die *Dagblad* se dae was ook toe al getel. Hy het sy laaste asem uitgeblaas op die laaste dag van September 1898 — „unhonoured and unsung”. Du Toit en ek het nie juis as vyande uitmekaar gegaan nie, maar nooit weer het ons 'n woordjie met mekaar gewissel nie.

Ek het daar ook nooit spyt van gehad dat ek daardie vertaalwerk vir *Het Dagblad* onderneem het nie. Nie alleen was dit 'n leersame oefening nie, ek het ook meer konfyt geraak in Hoog-Hollands, beter op hoogte van sake in die politieke stryd gekom, en Du Toit van naderby leer ken.

GELEENTHEIDSGEDIGGIES.

In die tweede helfte van gemelde jaar het ek aan die *politieke* joernalistiek begin deelneem. Vir een koerant op die platteland het ek artikels geskrywe. Vir 'n ander was ek korrespondent. Maar alles het geskied in Hoog-Hollands (omdat Afrikaans buite

sprake was), en nooit bo my naam nie. Maar geleentheidsgediggies, as dié so 'n ordentlike naam verdien, het ek in daardie jaar en in die volgende 'n hele vrag in *Ons Land* geplaas, egter ook nie bo my naam nie. Die meeste is geteken „Janni.” So het daar verskyn: „Neef Gideon en Neef Piet,” „Die Stellenbossche Eleksi,” „Neef Gideon Krige,” „Piet Faure gesien van Binne,” „Wat die Kiesers sê,” „Di Stellenbossche Eleksistrijd,” „Bondslied,” „Geld en Wraaksug,” „Sir Gordon as Politikus,” „Sir Peter,” „Hamman en Mordegai,” „Oom Paul en Mammonskind,” „Wat's 'n Afrikaander?” „Di Miskende Dominee,” „Daar het jy dit,” „Onse Parlement,” „Hoe konsekwent Progressiewe is,” „My Angstige Twyfelinge,” „Di Jingo, Slinkse Jingo,” „Die Verkiesing van die Opposisi-Leiers,” „Di Alfabet van onse Parlement,” „'n Treurige Geskiedenis,” „Van Erg tot Erger,” „Eenmaal maar nooit weer ni,” ens. Behalwe die geleentheidsgediggies was daar ook 'n heelparty ander rympies en prosa-bydragies in Afrikaans in 1898-'99 uit my pen, b.v. „Neef Gert en die Spook,” „Di Pêrelstad,” „Kleine Nootjies,” „As Vroue gelyke Regte het met Mans,” „Di Vlieg van Ladysmith,” ens. Daardie soort rympies kon 'n mens vinniger opstel as briewe skrywe.

Met uitsondering van „Di Miskende Dominee” en 'n paar ander, het ek g'n een van dié stukkies met bewaring vereer nie. Ek mag egter hier aanstip dat, hoe weinig digkuns hulle ook bevat, hulle baie gewild was by die plattelandse lesers. Ek weet van meer as een wat die versies uitgeknipt en in plakboeke bewaar het. Die sterkste aanmoediging om daardie — wat sal ek dit noem? — gerymde prosa te skrywe, het ek gekry van Onse Jan. Hy wou hulle ter wille van die politieke effek.

Tot eerste prikkel om kontribusies in Afrikaans na *Ons Land* te stuur, het gedien my gewaarwording, gedurende die tweede helfte van 1898, van hoe vinnig Afrikaans grond verloor. Dié verskynsel het my innig gehinder. Nie alleen is ons nasietaal nie meer gelees nie, dan alleen, of byna uitsluitlik, deur 'n gedenasionaliseerde kringetjie, maar ook as spreektaal is hy hoe langer hoe meer in die steek gelaat. In die Westelike Provinsie, altans in die Kaap, Stellenbosch en die Pêrel, is toe baie meer Engels gehoor, veral onder die opgevoede jong geslag, as tien jare tevore. Wie wil in 'n „dialek” sy gevoelens uitspreek as hy 'n „taal” ken? En, amper ongelooflik, *Ons Land*, met die boel briewe en bydraes wat hy in Engels opgeneem het — en daardie stukke was nogal die interessantste leesstof in die koerant — het daartoe, *nolens volens*, sy lesers aangemoedig.

KERK OMHELDS ENGELS EN VERSTOOT AFRIKAANS.

Ja, en het ons Kerk, wat die naam gedra het, en tereg ook, van die vernaamste instandhouer van Hollands in Suid-Afrika te wees — ek gebruik die woord „Hollands” hier, soos aldeur, in die breër sin — in 'n ander rigting as *Ons Land* geloop? In *Ons Land* kon jy nog, desverkiekend, in Afrikaans skrywe. Had jy die reg om van die kansel in Afrikaans te preek? Maar die Kerk het ingesien dat Nederlands hoe langer hoe onverstaanbaarder vir die jong geslag, dus hoe minder gewild word. Hulle het die neiging by baie Afrikaners in die stede en groot dorpe om na Engelse predikante te gaan luister, opgemerk. En om hierdie Afrikaners tegemoet te kom, het hulle oorgespring, nie na Afrikaans nie, maar na Engels!

Reeds in 1870 het die Sinode bepaal dat toekomstige predikante bekwaam moet wees om ook in Engels te preek, maar nooit tevore het jy soveel Engels in Hollandse kerke gehoor nie as teen die end van die neëntiende eeu. Dus ook ons ou staatmaker, die Kerk, het meegehelp — veelal onbewus, wil ek aanneem — om die gebruik van die volkstaal te ontmoedig. Ek wil nie te veel daarvan maak dat die Kerk nie tot Afrikaans oorgegaan het voordat dit 'n erkende taal geword het nie. Alle Kerke ter wêreld is konservatief, en Afrikaans was destyds nog maar as 'n verbastering, 'n diensbode-taal, ook deur ons Kerk-hoofde geag. In alle geval, daardie prekerie in Engels het my altyd ontsaglik teen die bors gestuit.

Soos gesê, juis omdat ek die algemene strekking teen Afrikaans opgemerk het, het ek aangespoor gevoel om kontribusies daarin in *Ons Land* te plaas. Afrikaans moes teruggevoer word na die *nasionale* deel van ons volk, en dit kon alleen deur *vertroude* nasionaliste geskied. Ek wou die lesers van ons Bonds-orgaan help uithaal uit hul vooroordeel, help versoen met hul volkstaal, help gewoon maak daaraan.

„DI MISKENDE DOMINEE.”

Die enigste van gemelde sogenaamde gediggies wat besonder aandag getrek het, was „Di Miskende Dominee” (13 April 1899). Soos die leser sal kan raai, dit was gedoel op ons vriend Du Toit. Nadat die Afrikaner-Bond in 1899 formeel besluit het om hom as lid, en sy *Patriot* as orgaan, te skrap, voer hierdie blad mos tot opskrif: „Di miskende orgaan van di Afrikaner-Bond”! Die gewese *er* is naamlik in *mis* verander. En ek kon die versoeking nie weerstaan nie. Onse Jan, wat in niemand so 'n hekel


gehad het as in Du Toit nie, het die gediggie hartlik toegejuig, 'n menigte herdrukke daarvan laat maak en dié wyd en syd versprei! Daar was ag versies van ag reëls elk waarin die ag stadiums van Du Toit se mislukte loopbaan uiteengesit word, en dan 'n neënde wat hulle almal opsom, aldus:—

„*Di Kerk, di Boere van Transvaal,
 Die Pêrel (waar ek woon),
 Di Bond en — DIT'S toch 'n schandaal —
 Di Sprigg-span, — wát 'n loon! —
 Di heele klomp bedank om my
 Te hê vir assistent!
 Bederf ek dan hul sake, heh?
 Of word ek slegs miskend?
 Aldeur miskend! Wát 'n ellend'!
 'k Is in 'n sleg posisi!
 Net waar 'k wend, word ek miskend,
 En nogal met suspici!*”

Ek meen dat dit ook aan daardie geleentheidsgediggie te danke is dat Du Toit die bynaam van „die miskende dominee” gekry het. Verskeie korrespondente in *Ons Land* het hom daarna so genoem.

WILLIE MASKEW HELP.

Ek was darem nie die enigste wat in daardie dae Afrikaanse „gediggies” in *Ons Land* geplaas het nie. My hofkollega advokaat Willie Maskew het dit ook gedoen, ofskoon op veel kleiner skaal, en ek meen dat syne almal, of byna almal, vertalings was: „Die Reen,” 1 Januarie 1898; „Onse Kitty haar Eed” („Nora's Vow”), 3 Februarie; „Die Sondaars in die Erwtjies,” 2 Julie; „Die Ongeluk” („The Mishap”), 9 Julie; „Oumaatjie van As,” 3 Mei



WILLIE VERSFELD (geb. 6 Maart 1870), kunstige Kaapstadse resiteerder en singer van Afrikaanse stukke, waarvan heelwat uit sy eie pen.

1899; „Ik kan nie verstaan” („Je ne vous comprendes”), 5 September 1899.

Reeds in 1890 het Maskew 'n versameling van gediggies en kort storiëtjies, ook meestal vertalings, onder die titel: „'n Jolly Hotnot en ander Gediggies” uitgegee, daaronder heelwat uit Heine.

OOK „JAN KIESER.”

'n Derde advokaat het destyds iets aan Afrikaans in *Ons Land* gedoen, en dit was, vreemd om te sê, die editeur self, F. S. Malan. Ek doel op sy „Parlementse Praatjes” (deur „Jan Kieser”), wat elke jaar drie maande aangehou het. Dan het daar ook 'n paar naamlose stukkies in verskyn. Oor die algemeen egter was Afrikaanse bydrae in daardie blad treurig skaars. My eie was verreweg meer as dié van al die ander saam. Inderdaad het daar in 1899 baie meer Engelse as Afrikaanse leesstof in die ver naamste mondstuk van die Afrikanerdom voorgekom.

WILLIE VERSFELD.

'n Vierde persoon wat Afrikaans in daardie tyd, ja sedert ongeveer 1890 al, in die Kaap taamlik dikwels op die planke gebring het, was Willie Versfeld, lid van die welbekende Rugby-voetbal-familie van Seepunt. Hoekom g'n taalgeskiedskrywer sy naam noem nie, weet ek nie. Moontlik omdat g'n een van sy werkies die weg na die Hollandse pers gevind het nie. Hy het uitgeslaan in 'n rigting waarin maar min dit kon. Eerste en voorste by hom was die lied. Hy het begin met 'n vertaling van die komiese sangstuk „Where did you get that hat?” En die welslaging hiervan het gelei

tot „Saartjie Marais” („Daisy Bell”), „Missies Danepietjie” („Mrs. 'Enry 'Awkins”), „Die Kat kom weer” („The Cat came back”) en baie ander, waarvan vier later (1908) uitgegee is onder die naam „Grappige Afrikaanse Liedjies.” Een is die bekende laglied „Jag, jag, ja!” — ’n oorspronklike voortbrengsel. Met sy fyne humorsin en sy strelende tenoorstem, is dr. Versfeld — hy was doktor in die skeikunde — by uitstek in staat gewees om ’n gehoor aan sy lippe te laat hang, en graag het hy, eweas Melt Brink, op openbare konserte van sy populêrste maaksels voorgedra. Daar was niemand na wie ek liever geluister het nie. Die Columbia-maatskappy het gou opgemerk hoe gewild sy stukke is en oor die dertig op gramofoonplate afgeneem. Sy „Voetbal-match”, as ’n luimige resitasie, sal seker lank na hy al heen is, nog lewe. Netsoos Melt Brink, egter, was dr. Versfeld se verklaarde doel louter en alleen om gehore op iets geestigs te vergas, „en met g’n gedagte” — ek haal sy eie woorde aan — „dat hulle enige letterkundige verdienste of waarde besit nie.” Beskeie genoeg. Maar die feit bly dat jy beswaarlik na die man kon luister sonder om te voel dat Afrikaans ’n eie taal is, ’n taal met grote moontlikhede. Dr. Versfeld het vermoedelik, egter, nooit kennis gemaak met die Afrikaanse spelling van die *Patriot* of enige ander blad nie, en hy was alte geneig om die tongval van die allerongeleterdste klas van die bevolking na te boots. Dit is die ernstigste grief wat ek teen sy stukke het.

Ek mag hier byvoeg dat daar ook uit sy pen ’n interessante werkie vir kinders uitgebring is: „Springbok Rympies en Stories”, wat nogal gunstig deur die pers ontvang is (1911).

TAALBOND WIL NET NEDERLANDS.

Maar om tot die algemene posisie van Hollands in ons land terug te kom, dit het teen die end van die eeu regtig erg betreurenswaardig geword. Ek durf nie beweer dat die voorstanders van Nederlands (teenoor Afrikaans) blind was daarvoor nie. Ds. A. Moorrees, b.v., hoofbestuurslid van die Z.A. Taalbond — die liggaam wat hom ten doel gestel het „de bevordering van de kennis van de Volkstaal” (waarmee in hierdie geval eintlik Hoog-Hollands bedoel was) — het in Desember 1898 in die Pêrel in die openbaar die aantyging gedoen dat daar weinige Afrikaner Intermediêres of B.A.'s was wat 'n opstel in Nederlands of Engels behoorlik kon skrywe. Twee maande later het prof. P. J. G. de Vos, wat ook 'n vooraanstaande Taalbond-man was — ek glo hy was voorsitter —, publiek gekla dat Afrikaners hul taal te min ag. Maar dink jy daardie klas mense — liewe, goeie, welmenende Afrikaners almal — kon die wortel van die kwaad raaksien, kon gewaar wat die enigste moontlike redmiddel was? Dink jy hulle kon tot die ontdekking kom dat om 'n Hollandse taal in Suid-Afrika in stand te kan hou, dit broodnodig is om die Afrikaanse tak — in weerwil van die ongelukkige omstandigheid dat hul gehate vyand S. J. du Toit dit sy spesiale *protegé* gemaak het — as taal te erken?

SUIKER AAN DIE KLONTJIE.

Gladnie. Maar, soos die stigters van *Ons Land* (in 1892), deur te besluit om 'n *Afrikaner*-editeur aan te stel, erken het dat jy Afrikaans nie heeltemaal oor die hoof kon sien nie, en derhalwe die Nederlandse pil met 'n bietjie Afrikaanse suiker slukbaarder gemaak het, so het ook die Taalbond-here

„Kaapse Hollands” enigsins in ag wil neem. Hulle sou die „dialek” probeer tegemoet kom! Hulle sou, op die Kolleywyn-lees, die Nederlandse spelling vir die Afrikaner vereenvoudig, ja en hulle sou sekere Afrikaanse woorde en uitdrukkings toelaat in Hoog-Hollands. Daardeer sou hulle dit makliker maak vir die Afrikaner om sy ongrammatikale taaltjie te laat vaar en Nederlands te skrywe . . . en te praat! Altans, dit was wat prof. P. J. G. de Vos wou. „De Afrikaander zal alzoó gevoelen,” het hy gesê (April 1898), „dat hij zijn eigen taal spreekt, erkend als beschaafd Hollandsch, zonder dat hij tot eene taal zal vervallen die men in Holland niet zal verstaan, of die eigenlijk oorzaak zal zijn dat hij de taal van Holland niet zal kunnen gebruiken of althans genieten.”

Ons Land het ewe gedwee sy seënwens op hierdie plan (wat al tevore, t.w. op 'n taalkonferensie in die Kaap in Januarie 1897, voorgestel en goedgekeur was), plegtig uitgespreek. Maar die saak is voorlopig doofpot-toe. Daar was oorlogswolke in die lug, en dié het alle ander dinge oorskadu.

HAD ONSE JAN DIE VOORTOU GEVAT.

Pogings van daardie aard om 'n Hollandse taal lewendig te hou en te bevorder, sou, meen ek, totaal onnodig gewees het, as dit 'n „Jan Volksvriend” in plaas van 'n „Fanie Patriot” was wat van die staanspoor vir Afrikaans in die bres getree en die voortou in die beweging gevat het. Hy, ook, sou natuurlik met sterke vooroordeel te doen gekry het. Teenstand sou *hom* ook, veral van die kant van die ouer predikante, gebied gewees het (al had hy hulle ook belowe om hom nie in te laat met hul keuse van kerktaal nie). Maar, met sy kragtige persoonlike invloed en die magtige bystand van sy persorgaan,

sou hy baie gou die volk met hom in so 'n nasionale saak gehad het. Met die plattelandse bevolking sou hy g'n ernstige moeite gehad het nie. Nog minder met sodanige van die jong geslag as wat hy, regstreeks of onregstreeks, kon bereik het. Die res van die volk sou binne betreklik korte tyd verplig gewees het om te volg. Hieromtrent bestaan by my g'n die minste twyfel nie. Ek ken die algemene toestande van die laaste tien jare van die vorige eeu amper net so goed as dié van die eerste tien van hierdie; en persoonlike ondervindings het my geleer wat nasionale geesdrif in so 'n saak vermag. Dit sou, na my oortuiging, vir Onse Jan, met die geloof en vertrouwe wat die Afrikanerdom in Kaapland en die Vrystaat in hom as welmenende vaderlandsliewende man gekoester het, slegs 'n paar jare geneem het om die amptelike erkenning van Afrikaans as *taal* te verkry.

Ek gaan verder. Had hy, prof. De Vos, ds. Moorrees en dr. Viljoen tesame Afrikaans as skryf- en leestaal onder hul beskerming geneem, nadat Du Toit dit in 1896 so 'n poets gebak het, en had *Ons Land* in Afrikaans verskyn, sou hierdie taal, na my vaste opinie, in alle opsigte, behalwe miskien as kanseltaal, al die regte wat Hoog-Hollands besit het, verkry het nog *voor die uitbreek van die oorlog*. Met daardie gevierde voormanne op taalgebied dit eens, sou die Taalbond as geheel, sonder enige noemenswaardige weerstand, hul standpunt beaam het. Die eksamens-afnemende „University of the Cape of Good Hope”, die enigste universiteit vir geheel Suid-Afrika, sou in daardie geval geredelik sy imprimatur daaraan geheg het, omdat, ten opsigte van „the form of Dutch to be recognized” die Taalbond toonaangewer was, altans waar sy voorste lede dit eens was. Wát ook al in Transvaal, waar die

Hollander-element soveel in te bring gehad het, mag gebeur het, stellig sou die onderwysdepartemente in die ander dele van Suid-Afrika — miskien wel brom-brom, maar oor die algemeen heel gedwee — gevolg het; want wát kon hulle anders? En hier in die Kaapkolonie, waarskynlik ook in die Vrystaat, sou die wetgewing die staatsdiens met die stroom laat saamgaan het: inderdaad is kandidate vir die staatsdiens in die Kolonie alreeds onderhewig aan 'n toets in die spreektaal gewees. Teenskoppers sou eenvoudig verswelg geword het. In daardie dae, heel anders as vandag, het die beslissing omtrent „taalvorm” (geliefkoosde woord van diegene wat die gebruik sowel van „taal” as „dialek” wou vermy) slegs by enkele vertroude, gesagvoerende persone berus. Ongelukkig was hulle eenmaal te konservatief, en te bangerig.

In hierdie verband wil ek diegene wat mag dink dat ek oordryf, daaraan herinner dat, hoe min Afrikaans ook as skryftaal in gebruik was, dit voor 1896 darem meer openbare aanhangers gehad het as in 1903 — ja selfs as in 1906, die jaar toe die A.T.V. gestig is. Ten spyte van teenstand van Onse Jan, prof. De Vos en ds. Moorrees op die kongres van taalverteenwoordigers uit alle dele van die Kolonie gehou in die Kaap in Oktober 1890 — die kongres waarop die Taalbond gestig is —, is 'n besluit ten gunste van Hoog-Hollands, teenoor Arfikaans, met slegs 48 teen 37 stemme aangeneem.

WAAROM DU TOIT OMGEGOOI HET.

Dat Du Toit sy nasie vaarwel gesê het omdat daar iets inherent gemeens in hom gesteek het, soos sommige meen, dink ek nie. Ek twyfel nie daaraan nie dat toe hy in 1875 met die leus „Vir Vaderland en Moedertaal” voor die dag gekom het, hy dit van

harte gemeen het. Ek wil ook nie glo dat hy hoofsaaklik gelok is, soos sommige vermoed, deur die £50 of £60 per maand wat hom as salaris vir sy editeurskap van *Het Dagblad* aangebied was nie, al weet ek dat hy allesbehalwe een van diegene was wat geld as slyk beskou het. Die man het eenvoudig gelewe, soos ek persoonlik kan getuig. Ledig het ek hom ook vir g'n oomblik gesien nie. Sy hart was in werk. Maar, dat hy ook eersugtig was, is nie te ontken nie; en die herhaalde teleurstellings wat hy moes ly, het sy siel blykbaar teen sy landgenote verbitter. Daardie teleurstellings moet as 'n kanker aan hom gevreet en hom oormeester het. Gedurig, vandat hy die preekstoel in 1881 verlaat het, het hy gestrewe om, met of sonder Onse Jan, leier van die Afrikanervolk te speel; telkemale het hy, as eerste stap in dié rigting, probeer om 'n setel in die Parlement te verwerf, iedere keer verniet. Mede-Afrikaners, vooraanstaande „broeders” in die Evangelie, het hom gedwarsboom. Nou uiteindelik, wanhopig en vies, het hy, miskien in 'n onbesonne oomblik, besluit om van 'n aangebode geleentheid om dit daardie vermeende ondankbares betaald te sit, gebruik te maak, sonder om te besef dat hy sodoende sy eie keel afsny. Dat dit sy eie skuld kon wees dat sy verdienstes nie behoorlik beloon is nie, het hy klaarblyklik nie besef nie. Nee, met veel waarheid is van daardie strewer gesê, sy hand was teen almal en iedereen se hand teen hom. Oorsaak en gevolg. Wil jy nie die wêreld in ag neem nie, neem die wêreld jou ook nie in ag nie.

Was hy alleen betrokke in sy ondergang, dan sou g'n haan daarna gekraai het nie, want sy invloed was gladnie meer wat dit gewees het nie. Maar ongelukkig moes hy, willens onwillens, sy „Patriots” meesleep — en „Patriots” was Afrikaans.

HOOFSTUK V.

1899—1901.

DIE LANDSTAAL IN HAGLIKE TOESTAND.

GEDURENDE DIE OORLOG.

WAAR BLY DR. VILJOEN?

Ek herhaal: Nooit gedurende die vorige twintig jare is die vooruitsigte van Afrikaans so donker gewees nie as toe die langverwagte Tweede Vryheidsoorlog uitbreek het (11 Oktober 1899). Moontlik was ek te pessimisties, maar vir my het dit baie gelyk of Kaapse Hollands as witmanstaal in gevaar verkeer van binne nog 'n geslagstydperk byna heeltemal uit die stede, asook uit die huise van die enigszins opgevoede klasse op die platteland, te verdwyn, tensy nasionale Afrikaners, ditsy politieke leiers, taalmanne, rediteurs van gevierde blaaië — Afrikaners wat die respek en vertroue van die volk wegdra — die taal sonder verder verwyf by die hand vat. Menige vriend het my beskou as dwaas, maar ek het my by rukke diep ontstel oor die toestand. By my was dit 'n uitgemaakte saak dat die taal nege-tiendes van die volk was. Noudat Transvaal en die Vrystaat sou ingepalm word deur Groot-Brittanje, sou die taal omtrent die enigste iets wees wat inderdaad die Hollandssprekende Afrikanervolk onderskei van alle ander nasies. Ons landkaart rooi geskilder tot by

die Zambesi; ons vlag, die „Union Jack”; ons taal, dié van Engeland; ons volk, ’n mengeling van Hollandse, Duitse en Franse bloed; ons Kerk, dié van Nederland en Skotland; ons regering, ministers van die Britse kroon! As ek ooit gewens het dat ek magtige invloed kon besit, dan was dit toe. Die saak kon so maklik gered word. Onwillekeurig het my gedagtes dan Stellenbosch-toe getrek — na dr. W. J. Viljoen. Ek wis wel dat hy hom by die „Taalvereenvoudigers”, die taallappers, skaar; maar, soos ek verstaan het — en hy het dit my ook later persoonlik gesê — hy was vir „Vereenvoudiging” omdat dit sou lei tot Afrikaans. Ek wis dat hy die vader gewees het van die destyds florerende „Ons Spreekuur”, die vereniging wat in 1895 op Stellenbosch gestig is met die doel om Nederlands nader na die studerende jeug te bring; maar hy het beweer dat hy daardeur, o.a., ’n eie Suid-Afrikaanse letterkunde wou help ontwikkel — en ek was nooit vyand van Nederlands nie. Ek wis dat hy, selfs in die omgang, soveel moontlik uitsluitlik Nederlands gebesig het, maar ek was gereed om hom dit as taal-professor wat in oefening wou bly, te vergewe. Ek wis dat hy jong predikante aangespoor het om sy voorbeeld te volg; maar dit was ook te verskoon, want predikante sou alleen, en dit vloeiend, in Nederlands moet preek. Kortom, ek wis dat dr. Viljoen totnogtoe alleen vir Nederlands geywer het, omdat hy vermoedelik beskou het dat hy onder omstandighede nouliks anders kon. Maar ek het nie vergeet hoe sterk hy hom in sy jonger jare vir Afrikaans uitgelaat het nie. Het hy nie begin insien hoe Afrikaans, hoe Hollands, op die afdraande pad verkeer nie? En besef hy nie dat hy in staat was, as hy wou, om op kragtige manier te help keer nie?

Tot dusver het hy hom nie laat hoor nie.

MY EERSTE VOORLESING OOR DIE VOLKSTAAL.

Ons taal *moes* gered word. Was die handjievul, het ek myself afgevra, wat daardie waarheid ernstig besef het, nie per slot van rekening lafaards om vir die openbare mening, domme vooroordeel, te stuit van hul nasionale plig nie? Kon hulle nie in seker sin beskou word selfs as volksverraaiers nie? Het *ekself* my plig gedoen na my bietjie vermoë? Aan die ouer geslag was daar wel g'n salf meer te smeer nie, maar daar was die *jeug* tog nog! Waarom sou ek nie, hoe onbekend ook by die publiek, probeer om die bal aan die rol te sit nie? Waarom sou ek nie die moed van my oortuiging aan die dag lê nie?

In November daardie jaar (1899) is ek gevra om 'n voorlesing aan die Nuwe Kerk se C.J.V. in die Wichtsaaal te lewer, en toe gryp ek die geleentheid om 'n lansie vir my taal te breek. Die opkoms was goed. Ek het begin met te wys op die nadelige posisie waarin Afrikaans op skool, tuis, orals, geplaas is, en toe die besware teen hierdie taal — die beweerde gebreke en ondeugde — een vir een behandel, besonderlik die vraag of Afrikaans nog as dialek beskou moes word, en daarna uitgewei oor sy verdienstes as spreektaal.

Die jongspan het die lesing 'n aandagtige en waarderende gehoor verleen. Ek het met hulle oor 'n onderwerp gepraat wat miskien g'n een van hulle ooit hoor bespreek het nie. Dit was vir hulle iets nuuts! Ek het hulle aan eenvoudige waarhede, waaroor hulle kon nadink, herinner. En dit het my werklik gelyk of die rede 'n diepe indruk gemaak het. Een van die lede het opgestaan en voorgestel dat ek die lesing na *Ons Land* vir publikasie stuur. Dit is met toe-

juiging aangeneem, en 'n opsomming is in die koerant gekom (18 Nov.)

Maar daarby, sover as dit vir my sigbaar was, het dit gebly. Wel het ek van enige gewaardeerde kennisse en vrinde betuigings van instemming ontvang — een daarvan, herinner ek my, van mnr. C. M. Neethling, nou burgemeester van Stellenbosch —, maar dit was ook al. G'n kommentaar, gunstig of ongunstig, het in *Ons Land* verskyn nie. G'n korrespondensie waarop ek kon antwoord nie. Maar moontlik was daardie oënskynlike onverskilligheid hoofsaaklik maar te wyte aan die byna alles-oorskaduwende oorlog wat aan die gang was.

OP MY HOEDE.

Intussen het ek voortgegaan met my bydragies in *Ons Land*. 'n Trop, in die vorm van korte grappies, het ek geplaas onder die rubriek van „Kleine Nootjies” (ondertekend „Leentji”!) Ek het darem nou in my pasoppens moet wees, terwille van die koerant sowel as van myself. Groot-Brittanjie het dit nie so gemaklik teen die Boere gekry as wat verwag was nie, met gevolg dat oorlogsgemoedere hoe langer hoe heter geword het. Die *Ons Land*-gebou kon maklik die prooi van vlamme word en ekself in die pekel gedompel as ek my gevoelens te skerp lug. Maar met ál my versigtigheid het ek tog die owerheid se aandag op my gevestig. Die Edele heer W. P. Schreiner, wat die unieke onderskeiding geniet het van die eerste premier te wees wat in dié verhewe posisie deur 'n regtig Afrikaner-party geplaas is (Okt. 1898), het na my smaak te veel na die pype van die militêre en „Progressiewe” vuurvreters begin dans, en ek het gedog ek kon wel help om hom daarteen te waarsku. Maar ongelukkig het my versies ook onder die aandag gekom van die Hoë Kom-

missaris, Alfred Milner, die man wat daarop uit was om die politieke mag van die Afrikanerdom te breek. Hy het my arme gediggie laat vertaal in Engels en dit na Chamberlain, die Britse Koloniale Sekretaris in Londen, gestuur. Dit was water op sy meul. Ek het die informasie gekry uit 'n uiters betroubare bron, en is vrindelik aangeraai om liewers my politieke rympies te staak.

Ek mag die versies hier aanhaal:—

PAS OP TOG, SCHREINER!

Ons is nog almal lief vir jou,
En jy kan ook op ons vertrou,
Mar Schreiner, ag! Pas op tog nou!

Pas op!

Pas op dat jy ni al te veel
In hande van di vyand speel!
Hy sal vir jou en ons besteel.

Pas op tog, vrind, pas op!

Jou hart is eerlik, d'is gewis;
Jou harsens stellig helder is.
Mar tog, ons voel ni heel gerus.

Pas op!

Ons vrees dat jy mag soms vergeet
Hoe di premierskap te bekleed
En wie jou ondersteuners heet.

Pas op tog, vrind, pas op!

Om Britse hoofde te behaag
Is ni 'n ding waaroor ons klaag;
Mar alles stryk ni met ons maag.

Pas op!

Ons wil ni heh dat onse man
Bevorder moet 'n enkel plan
Wat onse saak benadeel kan.

Pas op tog, vrind, pas op!

Jy moet jou voet so nou en dan
 Kan neersit as 'n dapper man,
 Wát ook al dan gebeur kan.

Pas op!

Ons het vir jou Premier gemaak
 Om oor ons jonge land te waak
 In die belang van onse saak.

Pas op tog, vrind, pas op!

Ons het jou ni gekose net
 Om vry te wees van Cecil-smet.
 Dus moet jy let op hoe jy 't het —

Pas op!

Dis ni genoeg te opponeer
 Di Mammonskind, wat wil dikteer,
 Mar om teen *almal* ons te weer.

Pas op tog, vrind, pas op!

MEER GELEENTHEIDSRYPPIES.

Ek het voortgegaan met my lange geleentheidsrympies, almal alleen van verbygaande nut en waarde — só verbygaande in my eie oë dat ek nie die moeite gedoen het om hulle te bewaar nie. Daar het gevolg op „Pas op tog, Schreiner” in 1900: „Di Slag van Strandstraat,” „'n Welkomsgroet,” „Ons Nuwe Regering,” „Di Jingoos en dr. Jameson,” „Innes! Innes!”; „Di Vrouestem,” „Di Boer in die Grensdistrik,” „Generaal Brabant,” „Di Jingo en di Bond,” „Di Rebel,” „Innes,” „Willie Schreiner,” „Voorbeeldige Lede,” „Te Water,” „Bravo!” „Wie is hy?” „An Jacobus Wilhelmus Sauer,” „Ekke! Ek,” „Di Vrouestem in Engeland,” „Di Perelse Eleksi,” „Wat meen dit?” „An die Vroue Gevangene te Port Elizabeth,” „Dr. Kolbe en onse Nasionaliteit,” en „Neentien Honderd.”

WRAAK.

My rympies in *Ons Land* het my op die ou end duur te staan gekom. 'n Vier- of vyftal Imperialisties-gesinde Kaapstadse prokureurs van wie ek af en toe in my bevoegdheid as advokaat hofsakies ontvang het, het op 'n sekere dag — dit was teen die end van 1899, meen ek — onder mekaar ooreengekom om my te „boycott” weens my rassepolitiek. Onmiddellik na hierdie besluit geneem was, het dit my ore bereik, maar so 'n handelwys het my te klein-geestig voorgekom om waar te wees. Egter, van daardie dag af het ek nooit van 'n enkele van hulle, solank as ek gepraktiseer het, weer 'n oulap verdien nie.

„ONS LAND” IN DIE PEKEL.

Nog drie rympies in *Ons Land* in Januarie 1901: „Di Nuwe Eeuw,” „Wat di Jingoos van die Afrikaander Bond seh,” „Waar is hulle?” — en *Ons Land* was klaarpraat!

FRANS MALAN TRONK-TOE.

Op 8 Januarie is die editeur, F. S. Malan, in hegtenis geneem „weens 'n lasterlike en opruiende artikel” wat *ag weke tevore* in die koerant verskyn het — 'n stuk nuus, nogal uit 'n ander blad oorgeneem! 'n Dergelike lot het sy kollega, Albert Cartwright, redakteur van die *anti-Imperialistiese South African News*, oorval. Albei is voor die hooggeregshof gesleep en albei is na Tokai gevonniss vir 'n jaar sonder keus van 'n boete. En pas na hul inhegtenisneming het die Posmeester-Generaal aan die bestuurder van *Ons Land* kennis gegee dat verspreiding van daardie blad in alle distrikte onder

die krygswet verbied is. Om hierdie ban te ontduik, verskyn onmiddellik 'n *Advertensieblad* in plaas van *Ons Land*. G'n inleidingsartikels, g'n politieke briewe, g'n bydrae van „Janni” in die nuwe koerant nie!

In die distrikte waarin g'n krygswet geproklameer was nie, kon *Ons Land* nog sirkuleer; so het daar 'n uitgawe op 16 Januarie verskyn, en daarin is weer 'n reeks versies uit my pen, onder opskrif „Aderjan, di Martelaar.” Maar die loef is die koerant en my dadelik verder afgesteek. Die krygswet is in *alle* distrikte geproklameer. *Ons Land* was voorlopig dus skoon van die baan geskuiwe en op my rustelose koerantpen die swye gelê.

TAALSTRYD BUITEN SPRAKE.

Taalstryd was nou buiten sprake. Die enigste stryd wat daar toe vir die Afrikanervolk te voer was, was dié van selfbehoud. Selfs het persoonlike vryheid byna orals in gevaar geraak. Niemand wis vanaand wat hom môre te wagte was nie. Die helletjie wat boergesinne in Vrystaat en Transvaal moes deurworstel, het hom allengs uitgestrek tot aan die Kaaplandse suiderkus. Terwyl *Di Patriot* en *Ons Klyntji* (maar met hoeveel lesers?) nog kon voortgaan asof daar g'n oorlog aan die gang was nie, het die jaar 1901 nie weer 'n uitgawe van die Bond-orgaan mag sien nie.

AFRIKAANS VERDER AGTERUITGESIT.

Besonder ongunstig het dit met die reeds so swaar geteisterde Afrikaans in hierdie jaar gevaar. In g'n opsig, sover as ek weet, het die taal 'n voordeeltjie behaal of enigszins gevorder nie.

Om mee te begin, dit was die oorlogsjaar waarin Afrikaansgebruikers meeste uitgedun is deur die dood in tronkkampe en op die slagveld. Hierdeur het die Afrikanerbevolking, bereken ek, in die twaalf maande by die 15,000 siele verloor.

In die tweede plaas, vashou aan die taal is toe deur die vyand in erger graad as ooit tevore ontmoedig. En nie net op skool nie. Ek weet nie hoe dit in ander stede en dorpe in die Kolonie toegegaan het nie, maar hier in Kaapstad is blankes absoluut bang geword om die Boeretaal in trein of trêm of enige ander plek onder gehoor van Engelse te praat. Ek herinner my die skewe kyke en, meer as eens, venynige aanmerkings wat ek deur daardie sonde uitgelok het. Ek weet ook van 'n geval waar 'n jong dame oor so 'n „kwaad” grof beledig is. Vermoedelik is ons handelwyse beskou as 'n moedswillige geterg. Hoe dit sy, die gevolg is gewees dat Afrikaans, wat alreeds so min onder die aansienlike klas gehoor was, nog verder in die steek gelaat is.

Dan het die taal ook in daardie jaar 'n aanmerklike nadeel ondervind deurdat hy nie langer (altans in die Kolonie) in 'n nasionale koerant — selfs al beskou jy die siellose *Advertensieblad* as nasionaal — te sien was nie. As leestaal is hy toe, as 't ware, heeltemal van die toneel verdwyn — behalwe ten behoeve van reeds gemelde onnasionale, nietige *Patriot*-seksie. Selfs die gewone jaarlikse „Parlementse Praatjes” is daardie jaar gemis; want die Parlement, vir die eerste keer in sy geskiedenis, het toe gladnie gesit nie.

Maar daardie weervaardigheid was lank nie die swaarste wat Afrikaans in 1901 getref het nie. Die ergste klap is hom in verband met die Kaaplandse staatsdiens toegedien — in hierdie geval, egter, saam met Nederlands. Die Parlement sou nie daardie jaar

byeengeroep word nie, en Afrikanerlippe was alreeds gesnoer soos nooit tevore nie. Ooreenkomstig die Milner-gees om alles te verengels, het sir Gordon Sprigg (opvolger van Schreiner in Junie 1900) die gulde geleentheid te baat geneem om toe te sien dat dit nie langer nodig sou wees om die toegangs-eksamentjie, hoe elementêr dit ook al gewees het, in Hollands (met inbegrip van Afrikaans as mondelinge deel) af te lê nie. Deur hierdie onreg te pleeg, kon die staatsdiens in die Kaapkolonie voortaan volgestop word met eentaliges. Die betreklik weinige tweetaliges het dan ook allesbehalwe in 'n bevoorregte posisie verkeer. In die hoofstad het die jongere amptenare wat Hollands kon lees en skrywe, hierdie feit soveel moontlik van hul base weggesteek, daar so 'n bevoegdheid eer tot hul naas voordeel gestrek het. Hulle sou anders na afgeleë buitedorpies weggestuur word, verstoke van alle stedelike voorregte en met betreklik weinig vooruitsigte op promosie.

Die Onderwysdepartement, met 'n dr. Muir as Superintendent-Generaal, het in daardie dae regstreeks onder die sentrale regering geval, en dieselfde onreg wat teenoor die Afrikanerdom met betrekking tot die aanstelling van gewone staatsamptenare gepleeg is, het ook geskied in verband met die benoeming van skoolinspekteurs.

En, as die siviele owerheid hom min wou steur aan die kennis wat hul amptenare van die tweede landstaal, hetsy in die vorm van Nederlands of Afrikaans, besit het, nog minder, natuurlik, het die *militêre* dit. 'n Fraai staaltjie van die soort taal wat hulle destyds geskik genoeg vir die Afrikaner geag het, vind ons in die vertalings van hul „Martial Law Regulations." Laat my 'n paar monstertjies aan-

haal uit die „Krygswet Regulatien” van 15 Augustus 1901 vir die distrik Aliwal-Noord:—

„Elk persoon ben recommendeerd om een kopij van deze boek in den zak voor verwijzing te dragen.—Geen persoon van ieder geslacht ben toegelaat in het Distrikt te rijden, of het ieder bij pad of spoorweg buiten een pas te verlaten.—Elke persoon die tegen een andere komen, die hij niet weet as een Resident van het Dorp moet uitvindt of zulk een persoon een woonachtige pas houden.—Visitors en Weglopende mogen alleenlijk benoodig te worden registreerd, hoewel het eerst terugkomst moet elk mensch insluit die op den premissen woonachtig is.—Geen persoon ben toegelaat, te koop, verkoop of te verruil, of in possessie te wezen van eenig Paard, Merrie, Veulen of Muilezel, buiten een geschrijfte sanctie. . . .”

Teen sulke afskepery kon jy g'n klag indien nie, want by wie? En, dat so 'n gemors onmoontlik sou gewees het as die vertaler eenvoudig *Afrikaans* kon gebruik het, het ons groot taalpiete van die dag blykbaar g'n een ingesien nie. Die taal van die Hollander was, in hul oë, nóg die taal van die Afrikaner! *A propos*, onwrikbaar in daardie geloof het prof. A. Moorrees hom gedurig daarop toegelê om so eg Nederlands te spreek as dit hom moontlik was, en juis in daardie jaar (1901) het hy in die Nieuwe Kerk, Amsterdam, 'n preek in sy deftigste Nederlands gelewer. Maar „Versta je wat ie er zegt?” vra een uit die gehoor aan sy buur; en die ander moes die kop skud: „Ik versta er geen steek van.” Dit, al het prof. Moorrees van die Nederlandse grammatika 'n beter teoretiese kennis as 999 uit die 1,000 Hollanders besit.

Het dit in daardie jaar beter met ons taal in die Republikeinse gebiede as in die Kolonie gevaar?

Miskien nog erger. In die keel van kinders van skoolgaande ouderdom in die volgepropte tronk-kampe is Engels soveel moontlik afgedruk deur spesiaal daartoe ingevoerde onderwyseresse. En die oogmerk is nie verberg nie. Suid-Afrika moes ge-angliseer word.

IN BEGIN VAN 1902 NOG ERGER.

Die eerste drie, vier maande van 1902 was feitlik maar 'n herhaling van die vorige. Die end van die oorlog het toe al in sig begin kom, maar op gebied van taal was daar g'n verbetering hoegenaamd te bespeur nie. Ten opsigte van Afrikaans veral, was die posisie toe, na my beskouing, inderdaad heel-wat hagliker as drie jare tevore. Hierdie taal is in die hoër kringe omtrent niks meer gereken nie. Om *nou* te praat van dit tot skryftaal te verhef, sou vermetel en belaglik gewees het.

„CAPE TIMES" EN EK HAAK.

Op 2 Mei verskyn 'n hoofartikel in die *Cape Times* waarin die editeur dit vir professor Logeman, die Hollandse professor aan die S.A. Kollege, Kaapstad, kwalik neem dat dié van Afrikaans as „taal" gewaag het. Afrikaans was g'n taal nie. Dit was 'n *patois*! Dit was Nederlands wat aan die Kaap agteruitgegaan het! Tot autoriteite het die blad aangehaal vir sir (later lord) Henry de Villiers en dr. Changuion. Die opvatting wat die *Cape Times* uitgespreek het, was die algemene. En dr. Logeman, wat inderdaad maar min met Afrikaans gesimpatiseer het, het ek gewet sou swyg. My pen het weer gebrand. Op dieselfde dag rig ek aan die blad 'n brief waarin ek dit weerspreek dat De Vil-

liers, watter gedagtes hy ook al oor die meriete van Afrikaans daarop nagehou het, verklaar het dat dit g'n taal was nie; en, wat Changuion betref, het ek daarop gewys dat dié se oordeel al twee geslags-tydperke oud was: dit was gelewer toe die taal minder ontwikkel was. „Professor Viljoen, van die Victoria College,” so het ek voortgegaan — „en wie is beter in staat om oor Afrikaans te praat as hy? — het meer as eens in die openbaar die beskouing van prof. Logeman uitgespreek.” Ek het voorts die name van ander groot manne in hierdie verband genoem, maar ook toe bygevoeg — en dit toon hoeveel ek al moes toegee volgens bevind van toestande in daardie jaar: „Natuurlik sal hulle almal erken dat Kaapse Hollands nog nie 'n ‚literêre’ taal geword het nie. Die taal verkeer nog maar in sy begin-stadium, en g'n taal is 'n geskrewe geword van die eerste oomblik dat hy gepraat is nie.” Verder het ek die *Cape Times* uitgedaag om aan te toon in watter opsig die taal in Suid-Afrika agteruitgegaan het, en hom daarop attent gemaak dat die dinge wat hy vir „deterioration” aansien, b.v. weglatings van verbuigingsuitgange, inderdaad, soos in die geval van Engels self, vooruitgang aandui.

Baie flou was die koerant se weerantwoord (in 'n voetnoot), naamlik dat hy maar die beskouings aangehaal het van persone wat bekwaam is om te oordeel en daaruit sy gevolgtrekkings gemaak het.

HET AFRIKAANSE TAALBEWEGING DIREK OP OORLOG GEVOLG?

Vrede tussen Boer en Brit is enige weke daarna, nl. 31 Mei, formeel gesluit. Jy sou verwag het dat een van die eerste uitwerkings van die oorlog op ons volk sou wees 'n nasionale opwekking op taal-

gebied. Baie ver was dit van die geval. In antwoord op 'n vraag aan my per brief deur wyle dr. Lydia van Niekerk, skryfster van „De Eerste Afrikaansche Taalbeweging” — ek glo dit was tydens die opstelling van haar proefskrif —, het ek haar geskrywe ek stem met haar saam dat die Afrikaanse taalbeweging na die oorlog algemeen en spontaan was in Suid-Afrika; en iets dergeliks, meen ek, het ek geuit in die polemië tussen dr. E. C. Pienaar (bygestaan deur mnr. F. P. Cillié) en myself in *Die Burger* in 1921. Ek voel verplig om dit te kwalifiseer, en wel in twee opsigte. Ten eerste, *onmiddellik* volgend op die oorlog was daar g'n beweging, hetsy vir Nederlands of Afrikaans nie; en, ten tweede, die eerste propaganda wat daar gemaak is, was vir Nederlands („Vereenvoudigd Hollands”), nie Afrikaans nie. Tydens gemelde polemië het sekere onderwysers my verseker dat hulle net na die uitgang van die oorlog les in Afrikaans gegee het aan goed bygewoonde private klasse, en ek glo dat ek dit in een van my briewe gemeld het. Maar hierdie informasie was ook nie juis nie. Ek het later ontdek dat daardie klasse eers 'n jaar of twee later geopen is. Nee, taal-agitasie of -herlewing was net so onbekend onmiddellik na die vredesluiting as gedurende die vorige jaar.

Waarom? Strydig met die hoop en verwagting van alle nasionale optimiste — en hulle was baie —, het die oorlog ten gunste van die aanvaller uitgeloop. Nieteenstaande die onteenseglike regverdigheid van die Boeresak — en „twice is he armed that hath his quarrel just” —, en ten spyte van hul byna bonatuurlike kraginspanning en al hul opofferings in goed en bloed, is hulle uiteindelik tog oorrompel en moes die Britse vlag oor hul koppe gehys word. Wel was die oorgawe nie onvoorwaardelik nie, en

moed en hoop is kenmerke van die Afrikaner; maar baie het tog bitter teleurgesteld, verslae, terneergedruk, sowel as gedaan, gevoel. Op generaal Smuts se eerste besoek aan die Kaap het my vrou hom gevra om iets in haar album te skrywe, en *vae victis!* het hy bo sy naam geplaas. Die Boere was nie net verslaan nie, hulle was in armoede en ellende gedompel en moes vereërs al hul aandag wy aan hul stoflike redding. Buitendien was twee uit die drie groot staatmakers op taalgebied — president M. T. Steijn en staatsekretaris F. W. Reitz — *hors de combat*. 'n Soort van krygsbewind in die gewese Republieke het nog voortgeduur. Die hoofgaan van die Hollandssprekende Transvaalse burgers, *De Volksstem*, het ook nie weer mag optree vir hulle nie tot amper 'n jaar na die vredesluiting, en selfs daarna het dit onder die plak van 'n dreigende Milner-ordonnansie, 'n nuwe hou-jou-bek-wet, gebuk moet gaan. In die gewese Republiek het daar dus vir eers hoegenaamd g'n taalbeweging ontstaan nie.

En hier in die Kaapkolonie was die toestand nie veel beter nie. Die taalkwessie was voorlopig heeltemal van die baan, of, noukeuriger gesê, het 'n baie ondergeskikte plek moet inneem. Die krygswet het voortgeduur na die oorlog oor was, en *Ons Land*, soos *De Volksstem*, was ook nog in die ban. Afrikaners — baie van die politici altans — had nog die skrik in die lyf. Wát sake vir hulle erger gemaak het, was die feit dat die hewige agitاسie ten gunste van die skorsing van die Konstitusie van die Kaapkolonie, 'n agitاسie wat reeds in 1901 begin het en waarvan vermoedelik Milner en Rhodes (laasgenoemde nou dood) die oorspronklike draadtrekkers gewees het, nog in volle swang was. Aanvoerders was die luidrugtige Thomas Smartt en sy maats Edgar Walton en W. P. Crewe. Voorwendsel was

verskaffing van geleentheid aan opgeruide rasse-gemoedere om af te koel. Die eintlike doel egter was om hulselwe in staat te stel om baas te speel en, *al la Milner*, die Britse bestanddeel te versterk. Soos 'n Damocles-swaard het daardie skorsing-gevaar oor die Afrikanerhoof gehang; en, was dit nie — soos die ironie wou — vir die onverwagte, manhaftige verset deur sir Gordon Sprigg nie, dan sou die gevaar stellig werklikheid geword het.

Intussen kon die Afrikaner daardie kampvegter met g'n doeltreffender weerwapon voorsien nie as om 'n soete, rasseversoenende houding aan te neem. So 'n houding sou ook die rebel-offisiere wat nog tereggestel moes word, gunstig te staan kom. Aangesien dan in die Kolonie, soos inderdaad ook in alle ander dele van Suid-Afrika, taal as „politiek” beskou is, sou 'n taalbeweging op daardie tydstip in elk geval iets onoordeelkundigs gewees het. Daar was g'n teken daarvan nie.

Wát die hande van die Kaaplandse Afrikaner nog verder laat verslap het, was sy donker vooruitsigte in die politieke lewe. Die name van duisende kiesers wat gerebelleer het, sou van die stemregisters geskrap word vir 'n tydperk van vyf jare; so het daar vir die Bond nie die minste hoop bestaan om by die eerskomende algemene Parlementsverkiezing (wat in 1904 sou plaasvind), weer 'n Afrikaner-ministerie aan die roer te plaas nie. Selfs was arme Sprigg se vooruitsigte om deur die ultra-Imperialisties gesinde Oos-Londen herkies te word, baie gering. (Hy is dan ook werklik verslaan, naamlik deur kolonel Crewe.)